(1) Wherever any shop assistant or traveller is, at any time during the course of his employment, required to work away from the establishment of his employer, the provisions of section 6 of this chapter shall not apply, and the hours stipulated in section 5 of this chapter, for the purpose of the work visualised in this section, shall be extended by 4 hours a day, with a maximum of 24 hours per week, and the provisions of paragraphs (iii) to (vi) of section 5 (2) shall not apply.

(2) The provisions of sub-section (1) of this section shall also apply to a sample boy.

(3) Every shop assistant or traveller, as referred to in subsection (1) hereof, shall be paid all reasonable transport and/or subsistence expenses incurred by him in the performance of his duties.

(2) Verhogings verskuldig aan 'n werknemer ingevolge subartikel (1) word bereken vanaf die eerste dag van die eersvolgende maand na die datum waarop die werknemer se dienskontrak begin het.

4. Verhouding.

(1) Een gekwalifiseerde manlike winkelbediende of manlike klerklike werknemer moet deur 'n werkgewer in diens geneem word voor 'n ongekwalifiseerde manlike winkelbediende of manlike klerklike werknemer deur hom in diens geneem kan word en vir elke gekwalifiseerde manlike winkelbediende of klerklike werknemer in diens kan hoogstens een ongekwalifiseerde manlike winkelbediende of klerklike werknemer in diens geneem word.

(2) Een gekwalifiseerde vroulike winkelbediende of vroulike klerklike werknemer moet deur 'n werkgewer in diens geneem word voor 'n ongekwalifiseerde vroulike winkelbediende of vroulike klerklike werknemer deur hom in diens geneem kan word en vir elke drie of deel van drie gekwalifiseerde vroulike winkelbediendes of vroulike klerklike werknemers in diens kan hoogstens twee ongekwalifiseerde vroulike winkelbediendes of vroulike klerklike werknemers in diens geneem word.

(3) 'n Werkgewer wat aktief werksaam is in die motornywerheid kan vir die toepassing van een van die voorafgaande artikels maar nie van albei nie, beskou word as 'n gekwalifiseerde winkelbediende of 'n gekwalifiseerde klerklike werknemer, met dien verstande dat ten opsigte van enige inrigting hoogstens een werkgewer beskou word as sodanige werknemer.

(4) Vir die toepassing van subartikels (1) en (2) word 'n manlike ongekwalifiseerde winkelbediende of 'n manlike ongekwalifiseerde klerklike werknemer wat minstens die loon ontvang van 'n gekwalifiseerde manlike winkelbediende of 'n gekwalifiseerde manlike klerklike werknemer gereken as 'n gekwalifiseerde manlike winkelbediende of 'n gekwalifiseerde manlike klerklike werknemer en 'n vroulike ongekwalifiseerde winkelbediende of 'n vroulike ongekwalifiseerde klerklike werknemer wat minstens die loon ontvang van 'n gekwalifiseerde vroulike winkelbediende of 'n gekwalifiseerde vroulike klerklike werknemer word gereken as 'n gekwalifiseerde vroulike winkelbediende of 'n gekwalifiseerde vroulike kantoorwerknemer.

(5) As 'n werkgewer besigheid dryf in die motornywerheid in meer as een inrigting, word sodanige inrigtings beskou as afsonderlike inrigtings en hy word nie as 'n gekwalifiseerde winkelbediende of 'n gekwalifiseerde klerklike werknemer beskou vir meer as een van sodanige inrigtings nie.

(6) Die bepalings van hierdie artikel is nie van toepassing op werknemers wat uitsluitlik in diens is as telefoniste of passasiershystoestelbedieners nie.

5. Werkure.

(1) Die gewone werkure van 'n werknemer vir wie lone in artikel 3 van hierdie Hoofstuk bepaal word, mag nie meer as 46 gedurende enige week wees nie.

(2) Onderworpe aan die bepalings van artikel 6 mag geen werkgewer van enige werknemer vereis om te werk—

(i) vir langer as 8 uur en 24 minute op Maandae, Dinsdae, Woensdae, Donderdae en Vrydae;

(ii) vir langer as 4 uur op Saterdae;

(iii) vir langer as vyf uur sonder 'n tussenpoos van minstens een uur vir etes nie;

(iv) na 5.30 nm. op Maandae, Dinsdae, Woensdae, Donderdae en Vrydae;

(v) na 12-uur middag op Saterdae;

(vi) op enige Sondag of openbare vakansiedag nie.

(3) Elke werknemer behalwe handelsreisigers en monsterjongens moet 'n rustyd van minstens tien minute toegestaan word so na as moontlik aan die middel van elke more- en middagwerktydperk en sodanige tussenpoos moet vir die berekening van besoldiging gereken word as deel van die gewone werkure.

6. Oortyd.

(1) Oortyd beteken alle ure gewerk deur 'n werknemer benewens dié wat in paragrawe (i) en (ii) van artikel 5 (2) bepaal is.

(2) Geen werkgewer mag van enige werknemer vereis of hom toelaat om meer as onderstaande oortyd te werk nie—

(i) dertig uur gedurende enige jaar;

(ii) drie uur gedurende enige afsonderlike dag;

sodanige oortyd mag nie op enige Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag gewerk word nie.

(3) Oortyd moet voor betaal word teen anderhalfmaal sy uurloon vir elke uur of gedeelte van 'n uur gewerk deur enige werknemer.

7. Buitewerk en onderhoud.

(1) As van enige winkelbediende of handelsreisiger te eniger tyd in die loop van sy diens vereis word om weg van die inrigting van sy werkgewer af te werk, is die bepalings van artikel 6 van hierdie Hoofstuk nie van toepassing nie en die ure bepaal in artikel 5 van hierdie Hoofstuk moet vir doeleindes van die werk voorgestel in hierdie artikel, met 4 uur per dag verleng word met 'n maksimum van 24 uur per week en die bepalings van paragrawe (iii) tot (vii) van artikel 5 (2) is nie van toepassing nie.

(2) Die bepalings van subartikel (1) van hierdie artikel is ook van toepassing op 'n monsterjong.

(3) Elke winkelbediende of handelsreisiger soos genoem in subartikel (1) hiervan moet alle redelike vervoer- en/of onderhoudskoste betaal word wat deur hom aangegaan is by die verrigting van sy werksaamhede.

(4) A sample boy shall be paid a subsistence allowance of not less than one shilling in respect of every night spent away from the traveller's headquarters during any journey.

8. Termination of Service.

A weekly employee, or his employer, shall give not less than one week's notice, and a monthly employee, or his employer, shall give not less than two weeks' notice to terminate his contract of service; provided that this shall not affect the right of an employer or an employee to terminate the contract of employment without notice for any good cause recognised by law as sufficient, nor shall it affect any agreement between an employer and an employee which provides for a period of notice of equal duration on both sides, for longer than one week or two weeks, as the case may be.

An employer shall provide his employee with work during the whole period of such notice, or may, in lieu thereof, pay such employee an amount not less than one week's or two weeks' wages, as the case may be, or if an agreement exists for a longer period of notice than one week or two weeks, as the case may be, the wage proportionate to the period of notice agreed upon.

Annual leave, and/or any period required to undergo training under the South Africa Defence Act, 1912, and/or any period during which an employee is absent from work owing to sickness or accident, on the one hand, and notice of termination of service, shall not run concurrently.

9. Certificates of Service.

An employer shall, upon termination of the contract of service with any employee, furnish such employee with a certificate of service showing the full name of the employer and of the employee, the occupation in which he was employed and the dates of commencement and termination of service.

10. Uniforms, Overalls, etc.

An employer who requires an employee to wear a uniform, overall, washing coat and/or apron shall provide and launder or clean such garments free of charge and they shall remain the property of the employer.

CHAPTER IV.—LABOURERS, SERVICE ATTENDANTS AND WATCHMEN.

1. Scope of Application.

In addition to the provisions of Chapter I of this Agreement, the following provisions shall apply to all labourers, service attendants and watchmen.

2. Definitions.

"Labourer" means an employee who wholly, mainly, or exclusively performs any one or more or all of the following operations or duties:—

(a) Petrol filling; draining oil sumps and/or oil filling; removing, filling and/or replacing batteries; oiling and greasing of motor vehicles; washing and/or cleaning of motor vehicles; cleaning parts of motor vehicles; pumping of air; changing wheels; removing wheels or rims, tyres and/or tubes for the repair of punctures or painting and replacing them; fitting and/or changing tyres and/or tubes on rims or wheels;

(b) cleaning premises, vehicles, animals, utensils, machinery implements, tools, or other articles; loading and unloading vehicles; carrying, moving, stacking and unpacking goods; sorting packages and parcels, wrapping up parcels; filling bottles or other containers for stock; affixing printed or ready addressed labels on to bottles, boxes, bales or other packages; stencilling and/or marking boxes, bales or other packages; opening or closing doors; opening or closing boxes, bales or other packages; making or maintaining fires or removing refuse or ashes; delivering or conveying letters, or messages, or goods, on foot or by means of a bicycle, tricycle, or hand-propelled vehicle; collecting cash in the case of C.O.D. sales; accepting written orders in return for goods delivered outside the premises of the employer; assisting on delivery vans; tending, harnessing or unharnessing animals; making tea or similar beverages;

(c) striking and cutting iron with hacksaw after iron has been marked out by journeyman or apprentice, drilling holes in iron other than precision work, threading of bolts or filing of iron—for blacksmith; rough cutting and punching of sheet iron by hand under the direction of a journeyman or apprentice; holding up and carrying wood for machinist; teasing coir and horsehair; holding up work for sheet metal worker and panelbeater; filing of solder and old paint off repaired parts; sandpapering, rubbing down of filling, primer and putty; masking, cleaning, compounding and polishing; painting on rough stuff by brush to inside and underside of van or lorry bodies; painting by brush of axles, brake drums and chassis; painting by brush rough waterproofing paint on canvas;

(4) 'n Monsterjong moet 'n onderhoudstoelae betaal word van minstens een sjieling ten opsigte van elke nag wat gedurende enige reis elders as die handelsreisiger se hoofkwartiere deurgebring word.

8. Diensbeëindiging.

'n Weeklikse werknemer of sy werkgewer moet met minstens een week diens opsê en 'n maandelikse werknemer of sy werkgewer moet met minstens twee weke diens opsê om sy dienskontrak te beëindig; met dien verstande dat dit nie die reg van 'n werkgewer of werknemer om die dienskontrak te beëindig sonder diensopsegging om enige goeie rede erken by wet as voldoende raak nie, of enige ooreenkoms tussen 'n werkgewer en 'n werknemer wat 'n diensopseggingstermyn bepaal van gelyke duur aan albei kante vir langer as een week of twee weke, na gelang van die geval.

'n Werkgewer moet sy werknemer van werk voorsien gedurende die hele van sodanige diensopseggingstermyn of kan in plaas daarvan aan sodanige werknemer 'n bedrag betaal van minstens een week of twee weke se loon, na gelang van die geval, of as 'n ooreenkoms bestaan vir 'n langer diensopseggingstermyn as een week of twee weke, na gelang van die geval, die loon na verhouding van die diensopseggingstermyn waartoe ooreengekom is.

Jaarlikse verlof en/of enige tydperk vereis om ingevolge die Zuid-Afrika Verdedigings Wet, 1912, opleiding te ondergaan en/of enige tydperk wat 'n werknemer van sy werk afwesig is weens siekte of ongeval aan die een kant en diensopsegging mag nie saamval nie.

9. Dienssertifikate.

'n Werkgewer moet by beëindiging van die dienskontrak van enige werknemer aan sodanige werknemer 'n dienssertifikaat verstrek waarop die volle naam van die werkgewer en van die werknemer, die beroep waarin hy in diens was en die datums van aanvang en beëindiging van diens aangegee word.

10. Uniforms, oorpakke, ens.

'n Werkgewer wat van 'n werknemer vereis om 'n uniform oorpak, wasbare jas en/of voorskoot te dra, moet sodanige kledingstukke kosteloos verskaf en was en stryk of skoonmaak en hulle bly die eiendom van die werkgewer.

HOOFSTUK IV.—ARBEIDERS, DIENSBEAMPTES EN WAGTE.

1. Bestek van toepassing.

Benewens die bepalings van Hoofstuk I van hierdie Ooreenkoms is onderstaande bepalings van toepassing op alle arbeiders, diensbeamptes en wagte.

2. Woordbepalings.

„Arbeider", beteken 'n werknemer wat geheel, hoofsaaklik of uitsluitlik een of meer van of al onderstaande werksaamhede verrig:—

(a) Vul met petrol; oliebakke leegmaak en/of met olie vul; batterye uithaal, vul en/of vervang; motorvoertuie olie en ghries; motorvoertuie was en/of skoonmaak; dele van motorvoertuie skoonmaak; lug pomp; wiele verander; wiele of vellings, buitebande en/of binnebande afhaal vir die herstel van lekke of om hulle te verf en te vervang; buitebande en/of binnebande op vellings of wiele pas en/of verander;

(b) persele, voertuie, diere, werktuie, masjinerie, implemente, gereedskap of ander voorwerpe skoonmaak; voertuie laai en aflaai; goedere dra, skuif, opstapel en uitpak; pakke en pakkette sorteer, pakkette toedraai; bottels of ander houers vir voorraad volmaak; gedrukte of klaargeadresseerde etikette aan bottels, kiste, bale of ander pakke heg; kiste, bale of ander pakke sjabloneer en/of merk; deure oop- of toemaak; kiste, bale of ander pakke oop- of toemaak; vuurmaak of vure aan die brand hou of vuilgoed of as verwyder; briewe of boodskappe of goedere te voet of deur middel van 'n fiets, driewiel of stootkar aflewer of vervoer; kontant geld invorder in geval van k.b.a.-verkope; skriftelike bestellings aanneem vir goedere afgelewer buite die perseel van die werkgewer; op bestelwaens behulpsaam wees; diere versorg, inspan of uitspan; tee of soortgelyke dranke maak;

(c) yster slaan en met ystersaag sny nadat yster afgemerk is deur vakman of vakleerling, gate in yster boor behalwe presieswerk, in boute draadsny of yster vyl vir grofsmid; plaatyster met die hand rusny en deurslaan onder toesig van 'n vakman of vakleerling; hout vir masjinis ophou en dra; klapperhaar en perdehaar pluis; werk vir metaalplaatwerker en paneeluitslaner ophou; soldeersel en ou verf van herstelde dele afvyl; vulsel, grondverflaag en stopverf met skuurpapier afwerk en afvryf; oortrek, skoonmaak, verbind en poleer; met 'n kwas die grondverflaag aan binne- en onderkant van bestelwa- of vragwabakke aanbring, aste, remtrommels en onderstelle met 'n kwas verf; met 'n kwas grondlaag waterdigverf op seildoek aanbring;

"service attendant" means an employee who, in any establishment in which labourers are employed, supervises the work of such labourers, and who may himself perform the work of such labourers;

"watchman" means an employee primarily occupied on guarding the premises of the employer and/or protecting the motor vehicles of which the employer is the bailee, but does not include any person not in the employ of an employer in the Industry.

3. Wages.

(1) No employer shall pay and no employee shall accept wages at less than the following rates per week:—

	Area A.		*Area B.*	
	s.	d.	s.	d.
Labourer	27	6	20	0
Watchman	27	6	20	0
Service attendant	40	0	20	0

(2) Notwithstanding the provisions of sub-section (5) of section 5 of Chapter I, wherever in the Magisterial Districts of Waterberg, Potgietersrust, Pietersburg and Zoutpansberg, an employer provides any employee for whom wages are laid down in this Chapter with food or lodging, or both, he shall be entitled to make the following deductions per week: for food, 3s.; for lodging, 2s.; for both food and lodging, 5s.

4. Hours of Work.

Subject to the provisions of section 6 of this Chapter—

(1) The wages prescribed in section 3 of this Chapter are in respect of a week of 46 hours.

(2) Wherever a labourer or service attendant works for less than 46 hours in any week due to the fact that—

(*a*) the usual working hours of the establishments are less than 46;

(*b*) the employer is unable to regulate the shift of such employee to 46 hours;

(*c*) a public holiday intervenes;

(*d*) for any reason other than the absenting of himself without leave by the employee;

such employee's week shall be deemed to be 46 hours.

(3) An employee who is arrested or detained by the police for any offence or suspected offence shall, for the period during which he is under arrest or so detained and unable to continue his employment, be deemed to have absented himself without leave.

(4) The hours of work of labourers and service attendants employed wholly, mainly or exclusively on petrol filling and repairing of punctures shall be regulated by shifts as follows:—

Shift No. 1.—6 a.m. to 8 a.m. and 4 p.m. to 10 p.m. on Mondays, Tuesdays, Wednesdays, Thursdays, Fridays and 6 a.m. to 12 noon on Saturdays.

Shift No. 2.—8 a.m. to 4 p.m. on Mondays, Tuesdays, Wednesdays, Thursdays, Fridays and 6 a.m. to 12 noon on Saturdays.

Shift No. 3.—Any period not exceeding 8 hours on Mondays, Tuesdays, Wednesdays, Thursdays, Fridays, between the hours of 6 a.m. and 10 p.m., and on Saturdays from 6 a.m. to 12 noon.

(5) The hours of work of labourers and service attendants engaged on any other activities for which a labourer or service attendant may be employed in terms of this Chapter shall not exceed—

(i) 8½ hours on Mondays, Tuesdays, Wednesdays, Thursdays, Fridays;

(ii) 4 hours on Saturdays;

(iii) 5 hours on any day without an uninterrupted break of at least one hour;

provided, however, that if any such labourers or service attendants are employed in an establishment where the employees do not ordinarily work on more than five days in the week, such labourers or service attendants may be required or permitted to work for an additional period not exceeding a total of nine and one quarter hours on any workday.

5. Overtime.

(1) Subject to section 6 where any labourer or service attendant is required to work in excess of the hours prescribed in section 4 of this Chapter he shall be paid at the rate of time and one half of his hourly rate for each hour or part of an hour, of such excess time worked, which excess time shall not exceed 10 hours in any one week, provided that—

(*a*) where overtime calculated on a daily basis differs in any week from overtime calculated on a weekly basis, he shall be paid on the basis more favourable to him;

(*b*) if he works on a Sunday he shall be paid at least twice a full day's remuneration; and

(*c*) if he works on any of the four Public Holidays mentioned in section 7 of Chapter I, he shall be paid at his hourly rate of wages for each hour or part of an hour so worked plus his ordinary daily remuneration for such a day.

„diensbeampte", beteken 'n werknemer wat in enige inrigting waarin arbeiders werksaam is toesig hou oor die werk van sodanige arbeiders en wat self die werk van sodanige arbeiders kan verrig;

„wag", beteken 'n werknemer wat hoofsaaklik in diens is om die perseel van die werkgewer te bewaak en/of die motorvoertuie te beskerm waarvan die werkgewer die bewaarnemer is, maar waarby nie inbegrepe is enige persoon wat nie in diens van 'n werkgewer in die nywerheid is nie.

3. Lone.

(1) Geen werkgewer mag lone betaal en geen werknemer mag lone ontvang teen minder as onderstaande per week nie—

	Gebied A.		*Gebied B.*	
	s.	d.	s.	d.
Arbeider	27	6	20	0
Wag	27	6	20	0
Diensbeampte	40	0	20	0

(2) Ondanks die bepalings van subartikel (5) van artikel 5 van Hoofstuk I, as 'n werkgewer in die magistraatsdistrikte Waterberg, Potgietersrust, Pietersburg en Zoutpansberg enige werknemer vir wie lone in hierdie Hoofstuk bepaal word van kos of inwoning of albei voorsien, is hy geregtig om onderstaande kortings per week te maak:—

Vir kos, 3s.; vir inwoning, 2s.; vir kos sowel as inwoning, 5s.

4. Werkure.

Onderworpe aan die bepalings van artikel 6 van hierdie Hoofstuk:—

(1) Is die lone voorgeskryf in artikel 3 van hierdie Hoofstuk ten opsigte van 'n week van 46 uur.

(2) As 'n arbeider of diensbeampte minder as 46 uur werk gedurende enige week weens die feit dat—

(*a*) die gewone werkure van die inrigtings minder as 46 uur is;

(*b*) die werkgewer nie in staat is om die skof van sodanige werknemer tot 46 uur te reël nie;

(*c*) 'n openbare vakansiedag tussenbei kom;

(*d*) om enige rede behalwe dat die werknemer afwesig is sonder verlof;

moet sodanige werknemer se week as 46 uur beskou word.

(3) 'n Werknemer wat in hegtenis geneem of aangehou word deur die polisie vir enige oortreding of verdagte oortreding moet vir die tydperk wat hy in hegtenis is of aldus aangehou word en nie in staat is om sy diens voort te sit nie beskou word sonder verlof afwesig te wees.

(4) Die werkure van arbeiders en diensbeamptes wat geheel, hoofsaaklik of uitsluitlik in diens is om met petrol te vul en lekke te herstel, moet volgens skofte as volg ingedeel word:—

Skof No. 1: 6 vm. tot 8 nm. en 4 nm. tot 10 nm. op Maandae, Dinsdae, Woensdae, Donderdae, Vrydae en 6 vm. tot 12-uur middag op Saterdae.

Skof No. 2: 8 vm. tot 4 nm. op Maandae, Dinsdae, Woensdae, Donderdae, Vrydae en 6 vm. tot 12-uur middag op Saterdae.

Skof No. 3: Enige tydperk van hoogstens 8 uur op Maandae, Dinsdae, Woensdae, Donderdae, Vrydae tussen die ure 6 vm. en 10 nm., en op Saterdae vanaf 6 vm. tot 12-uur middag.

(5) Die werkure van arbeiders en diensbeamptes werksaam by enige ander werksaamhede waarvoor 'n arbeider of diensbeampte ingevolge hierdie Hoofstuk in diens geneem kan word, is hoogstens—

(i) 8½ uur op Maandae, Dinsdae, Woensdae, Donderdae, Vrydae;

(ii) 4 uur op Saterdae;

(iii) 5 uur op enige dag sonder 'n ononderbroke tussenpoos van minstens een uur;

met dien verstande egter dat as enige sodanige arbeiders of diensbeamptes in 'n inrigting werksaam is waar die werknemers nie gewoonlik op meer as vyf dae per week werk nie, sodanige arbeiders of diensbeamptes verplig of toegelaat kan word om vir 'n addisionele tydperk van 'n totaal van hoogstens nege en 'n kwart uur op enige werkdag te werk.

5. Oortyd.

(1) Onderworpe aan artikel 6 as van enige arbeider of diensbeampte vereis word om langer as die ure voorgeskryf in artikel 4 van hierdie Hoofstuk te werk, moet hy betaal word teen anderhalfmaal sy uurloon vir elke uur of gedeelte van 'n uur van sodanige oortyd gewerk en sodanige oortyd mag nie 10 uur gedurende enige afsonderlike week te bowe gaan nie, met dien verstande dat—

(*a*) waar oortyd bereken op 'n daelikse basis gedurende enige week verskil van oortyd bereken op 'n weeklikse basis, hy volgens die basis wat vir hom die gunstigste is, betaal moet word;

(*b*) as hy op 'n Sondag werk hy minstens tweemaal 'n volle dag se besoldiging betaal moet word; en

(*c*) as hy op enigeen van die vier openbare vakansiedae werk hy teen sy uurloon vir elke uur of deel van 'n uur aldus gewerk plus sy gewone daelikse besoldiging vir sodanige dag betaal moet word.

(2) Where any watchman is required to work in excess of 46 hours in any one week, such watchman shall be paid at the rate of time and one-half of his hourly rate for any hour, or part thereof, in excess of an additional 38 hours in any one week.

6. Labourers Acting as Watchmen.

(1) Any labourer who works on Shift No. 1 referred to in section 4 of this Chapter in any parking garage and/or any filling station or service station may be employed as a watchman between 10 p.m. and 6 a.m. but the hours so worked shall not be included for the purposes of calculating any overtime to which such employee may be entitled, provided the employer provides the amenities as prescribed in section 7 of this Chapter and provided further that such labourer shall be paid an amount of not less than 5s. per week above the rate of wages laid down for a labourer in section 3 of this Chapter.

(2) During the hours from 10 p.m. to 6 a.m. the employees referred to in sub-section (1) of this section shall perform no services or duties other than those of a watchman.

7. Amenities for Watchmen.

Every employer shall provide every watchman and every labourer and/or service attendant, as referred to in sub-section (1) of section 6 of this Chapter, with—

(*a*) a suitable stick or knobkerrie for the protection of such employee;

(*b*) a police whistle;

(*c*) suitable provision for the warmth of such employee.

8. Time Roster.

Wherever, in any establishment, labourers and/or service attendants are employed on shift work, the employer shall display or cause to be displayed a time table showing the various shifts, and such time table shall be displayed in a place conspicuous and readily accessible to all the employees concerned. The time table shall show the shifts which the employees are to work and the names of the employees who are to work such shifts.

9. Termination of Employment.

An employee for whom wages are provided in this chapter shall require to give one clear working day's notice to terminate his engagement with an employer, and every employer shall be required to give like notice of dismissal to an employee, provided that—

(*a*) an employer may pay to an employee, in cash, the equivalent of the period of notice; and

(*b*) the right of the employer or employee to terminate employment without such notice for any good cause recognised by law as sufficient;

is not hereby affected.

CHAPTER V.—ASSEMBLY AND MANUFACTURING ESTABLISHMENTS.

1. Scope of Application.

In addition to the provisions of Chapters I, III and IV of this Agreement, the following provisions shall apply in establishments herein defined as assembly and manufacturing establishments, and the employees employed therein as defined.

2. Definitions.

"Operative assembler" means any employee other than a labourer, a service attendant or an office, stores or clerical employee who is engaged in work in an assembly and manufacturing establishment.

3. Wages.

No employer shall pay and no employee shall accept wages at less than the following rates per week:—

	Area A.	*Area B.*
Operative assembler	72s.	72s.

4. Application of Certain Provisions of Chapter II.

The provisions of sections 4, 5, 7, 8, 9 and 10 of Chapter II shall *mutatis mutandis* apply to employers and employees covered by this chapter.

ANNEXURE A.

Notice required under section 13 of Chapter I of the Industrial Agreement.

Hours of Work.

The hours of work in this establishment will, until further notice, be:—

Day.	*Starting Time.*	*Finishing Time.*	*Meal Hour.*
Mondays ...	.....a.m.	.....p.m.	.....p.m. to .....p.m.
Tuesdays ...	.....a.m.	.....p.m.	.....p.m. to .....p.m.
Wednesdays	.....a.m.	.....p.m.	.....p.m. to .....p.m.
Thursdays	.....a.m.	.....p.m.	.....p.m. to .....p.m.
Fridays ...	.....a.m.	.....p.m.	.....p.m. to .....p.m.
Saturdays	.....a.m.	.....p.m.	.....p.m. to .....p.m.

Note.—This notice is in addition to any requirements necessary under the Factories Act.

(2) As van enige wag vereis word om meer as 46 uur te werk gedurende enige afsonderlike week moet sodanige wag betaal word teen anderhalfmaal sy uurloon vir enige uur of deel daarvan bo en benewens 'n bykomende 38 uur gedurende enige afsonderlike week.

6. Arbeiders wat as wagte optree.

(1) Enige arbeider wat op skof No. 1 genoem in artikel 4 van hierdie Hoofstuk werk in enige parkeergarage en/of enige vulstasie of diensstasie kan tussen 10 nm. en 6 vm. as wag werk, maar die ure aldus gewerk is nie inbegrepe vir doeleindes van die berekening van enige oortyd waartoe sodanige werknemer geregtig mag wees nie, met dien verstande dat die werkgewer die geriewe verskaf soos voorgeskryf in artikel 7 van hierdie Hoofstuk en met dien verstande verder dat sodanige arbeider 'n bedrag van minstens 5s. per week betaal word benewens die loon bepaal vir 'n arbeider in artikel 3 van hierdie Hoofstuk.

(2) Gedurende die ure vanaf 10 nm. tot 6 vm. mag werknemers genoem in subartikel (1) van hierdie artikel geen ander pligte nakom as dié van 'n wag nie.

7. Geriewe vir wagte.

Elke werkgewer moet elke wag en alke arbeider en/of diensbeampte soos genoem in subartikel (1) van artikel 6 van hierdie Hoofstuk van onderstaande voorsien:—

(*a*) 'n Geskikte stok of knopkierie ter beskerming van sodanige werknemer;

(*b*) 'n polisiefluitjie;

(*c*) geskikte voorsiening daarvoor dat sodanige werknemer warm is.

8. Tydtafel.

As in enige inrigting arbeiders en/of diensbeamptes op skofwerk in diens is moet die werkgewer 'n tydtafel vertoon wat die verskillende skofte aantoon of dit laat vertoon, en sodanige tydtafel moet op 'n opvallende plek vertoon word wat maklik toeganklik is vir al die betrokke werknemers. Die tydtafel moet die skofte aantoon wat die werknemers moet werk en die name van werknemers wat sodanige skofte moet werk.

9. Diensbeëindiging.

Van 'n werknemer vir wie lone bepaal is in hierdie hoofstuk word vereis om diens met een volle werkdag op te sê om sy diens by 'n werkgewer te beëindig en van elke werkgewer word vereis om op soortgelyke wyse aan 'n werknemer diens op te sê met dien verstande dat onderstaande nie hierby geraak word nie—

(*a*) 'n werkgewer 'n werknemer die ekwivalent van die diensopseggingstermyn kontant kan betaal; en

(*b*) die reg van die werkgewer of werknemer om sonder sodanige diensopsegging diens te beëindig om enige goeie rede by wet erken as voldoende.

HOOFSTUK V.—INMEKAARSIT- EN VERVAARDIGINGSINRIGTINGS.

1. Bestek van toepassing.

Benewens die bepalings van Hoofstukke I, III en IV van hierdie Ooreenkoms is onderstaande bepalings van toepassing in inrigtings wat hierin bepaal word as inmekaarsit- en vervaardigingsinrigtings en die werknemers wat daarin werksaam is soos bepaal.

2. Woordbepalings.

„Werkende inmekaarsitter", beteken enige werknemer behalwe 'n arbeider, diensbeampte of 'n kantoor-, pakhuis-, of klerklike werknemer wat werk verrig in 'n inmekaarsit- en vervaardigingsinrigting.

3. Lone.

Geen werkgewer mag laer lone betaal en geen werknemer mag laer lone ontvang per week as onderstaande nie:—

	Gebied A.	*Gebied B.*
Werkende inmekaarsitter ...	72s.	72s.

4. Toepassing van sekere bepalings van Hoofstuk II.

Die bepalings van artikels 4, 5, 7, 8, 9 en 10 van Hoofstuk II is *mutatis mutandis* van toepassing op werkgewers en werknemers wat onder hierdie hoofstuk val.

AANHANGSEL A.

Kennisgewing vereis by artikel 13 van Hoofstuk I van die Nywerheidsooreenkoms.

Werkure.

Die werkure in hierdie inrigting sal tot nader kennisgewing as volg wees:—

Dag.	*Begintyd.*	*Ophoutyd.*	*Etenstyd.*
Maandag ..	.....vm.	.....nm.	.....nm. tot .....nm.
Dinsdag ...	.....vm.	.....nm.	.....nm. tot .....nm.
Woensdag	.....vm.	.....nm.	.....nm. tot .....nm.
Donderdag	.....vm.	.....nm.	.....nm. tot .....nm.
Vrydag ...	.....vm.	.....nm.	.....nm. tot .....nm.
Saterdag ..	.....vm.	.....nm.	.....nm. tot .....nm.

Opmerking.—Hierdie kennisgewing is benewens enige vereistes nodig ingevolge die Fabriekswet.

ANNEXURE B.

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE MOTOR INDUSTRY (TRANSVAAL).

TO THE SECRETARY,
INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE MOTOR INDUSTRY (TRANSVAAL),
P.O. BOX 8477, JOHANNESBURG.

DEAR SIR,
Enclosed please find contributions amounting to £_____, as detailed below for the period ending_____19____
Address_____ Name_____

Union Card Number.	Name of Employee.	Occupation.	Rate of Wages.	European Weekly Paid Employees.				Monthly Paid Employees.		Labourers.				Employer's Subscriptions to S.A.M.I.E.A. for month of
				No. of Weeks Employed in	Contributions to Council Funds for		Employee's Subscriptions to M.I.E.U. Funds for week ending	Contributions to Council Funds for		No. of Labourers.	No. of Weeks employed.	Contributions to Council Funds for		
					Employee.	Employer.		Employee.	Employer.			Employee at 1d. per week.	Employer at 1d. per week.	

Signed at Johannesburg on behalf of the parties, on this 5th day of November, 1942.

SYDNEY J. CLOW, Chairman of the Council.
C. REHM, Vice-Chairman of the Council.
V. E. BOYD, Secretary of the Council.

AANHANGSEL B.

„INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE MOTOR INDUSTRY (TRANSVAAL)."

AAN DIE SEKRETARIS,
„INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE MOTOR INDUSTRY (TRANSVAAL)."
POSBUS 8477, JOHANNESBURG.

MENEER,
Ingeslote vind u bydraes vir die bedrag van £_____, besonderhede waarvan hieronder aangegee word, vir die tydperk wat eindig op_____19____
Adres_____ Naam_____

Nommer van vakvereniging kaart.	Naam van werknemer.	Beroep.	Loonskaal.	Blanke werknemers wat per week betaal word.				Werknemers wat per maand betaal word.		Arbeiders.				Werkgewer-bydraes aan S.A.M.I.E.A. vir die maand
				Getal weke in diens in	Bydraes aan raadskas vir		Werknemer-bydraes aan M.I.E.U.-fonds vir die week eindigende	Bydraes aan raadskas vir		Getal arbeiders.	Getal weke in diens.	Bydraes aan raadskas vir		
					Werknemer.	Werkgewer.		Werknemer.	Werkgewer.			Werknemer teen 1d. per week.	Werkgewer teen 1d. per week.	

Onderteken te Johannesburg namens die partye op hede die 5de dag van November 1942.

SYDNEY J. CLOW, Voorsitter van die Raad.
C. REHM, Ondervoorsitter van die Raad.
V. E. BOYD, Sekretaris van die Raad.

* No. 2404.] [27 November 1942.

FACTORIES, MACHINERY AND BUILDING WORK ACT, 1941.

MOTOR INDUSTRY, TRANSVAAL.

I, WALTER BAYLEY MADELEY, Minister of Labour, hereby in terms of sub-section (1) of section *twenty-two* of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, declare the provisions of the agreement and notice relating to the Motor Industry published under Government Notice No. 2403 of the 27th November, 1942, to be not less favourable to the persons whose hours of work are regulated thereby than the relative provisions of the said Act.

WALTER B. MADELEY,
Minister of Labour.

* No. 2418.] [27 November 1942.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1937.

BESPOKE TAILORING INDUSTRY, PRETORIA.

I, WALTER BAYLEY MADELEY, Minister of Labour, do hereby—

(*a*) in terms of sub-section (1) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1937, declare that all the provisions of the Agreement which appears in the Schedule hereto (hereinafter referred to as "the amending Agreement") which relates to the Bespoke Tailoring Industry, and which amends that Agreement published under Government Notice No. 305 of the 20th February, 1942 (hereinafter referred to as "the main Agreement"), shall be binding from the 7th day of December, 1942, and for the period ending the 22nd day of February, 1943, upon the employers' organization and the trade union which entered into the amending Agreement and upon the employers and employees who are members of that organization or that union; and

(*b*) in terms of sub-section (7) of section *forty-eight* of the said Act, declare that the provisions contained in the amending Agreement shall be binding from the 7th day of December, 1942, and for the period ending the 22nd day of February, 1943, upon such principals or contractors as are referred to in clause 27 of the main Agreement and upon the persons to whom work is given out by such principals or contractors in the Magisterial District of Pretoria (including that portion transferred to the Magisterial District of Groblersdal by Proclamation No 225 of 1941, but excluding the farm Geelbeksvley No. 345).

WALTER B. MADELEY,
Minister of Labour.

* No. 2404.] [27 November 1942.

WET OP FABRIEKE, MASJINERIE EN BOUWERK, 1941.

MOTORNYWERHEID, TRANSVAAL.

Ek, WALTER BAYLEY MADELEY, Minister van Arbeid, verklaar hierby ingevolge subartikel (1) van artikel *twee-en-twintig* van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, dat die bepalings van die ooreenkoms en kennisgewing in verband met die Motornywerheid bekendgemaak by Goewermentskennisgewing No. 2403 van 27 November 1942, nie ongunstiger vir die persone is nie wie se werksure daarby gereël word as die ooreenstemmende bepalings van genoemde Wet.

WALTER B. MADELEY,
Minister van Arbeid.

* No. 2418.] [27 November 1942.

NYWERHEID-VERSOENINGSWET, 1937.

KLEREMAKERY-OP-MAATNYWERHEID, PRETORIA.

Ek, WALTER BAYLEY MADELEY, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

(*a*) kragtens subartikel (1) van artikel *ag-en-veertig* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, dat al die bepalings van die Ooreenkoms wat in die bylae verskyn (hierna „die Wysigingsooreenkoms" genoem), wat betrekking het op die Kleremakery-op-Maatnywerheid en wat die Ooreenkoms afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 305 van 20 Februarie 1942 (hierna „die Hoofooreenkoms" genoem), wysig, vanaf die 7de dag van Desember 1942 en vir die tydperk wat eindig op die 22ste dag van Februarie 1943, bindend is op die werkgewersorganisasie en die vakvereniging wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en op die werkgewers en werknemers wat lede is van daardie organisasie of daardie vereniging; en

(*b*) kragtens subartikel (7) van artikel *ag-en-veertig* van genoemde Wet, dat die bepalings vervat in die Wysigingsooreenkoms vanaf die 7de dag van Desember 1942 en vir die tydperk wat eindig op die 22ste dag van Februarie 1943, bindend is op die prinsipale of aannemers vermeld in klousule 27 van die Hoofooreenkoms en op die persone aan wie werk uitgegee word deur sodanige prinsipale of aannemers in die magistraatsdistrik Pretoria (met inbegrip van daardie gedeelte wat na die magistraatsdistrik Groblersdal by Proklamasie No. 225 van 1941 oorgeplaas is maar uitsluitende die plaas Geelbeksvley No. 345).

WALTER B. MADELEY,
Minister van Arbeid.

SCHEDULE.

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE BESPOKE TAILORING INDUSTRY (PRETORIA).

AGREEMENT

In accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1937, made and entered into by and between the

Pretoria and District Merchant Tailors' Association

(hereinafter referred to as "the employers" or "the employers' organisation"), of the one part, and the

Tailoring Workers' Industrial Union (Transvaal)

(hereinafter referred to as "the employees" or "the trade union"), of the other part,

being the parties to the Industrial Council for the Bespoke Tailoring Industry (Pretoria),

to amend the Agreement between the said parties, dated the 29th January, 1942, and published under Government Notice No. 305 of the 20th February, 1942 (hereinafter referred to as "the main Agreement"), as follows:—

Amendment to section 27 of Main Agreement:—

"Delete the words '15 per cent.' in section 27 (2) of the main Agreement and substitute '20 per cent.'"

Signed at Pretoria, on behalf of the parties, on this 9th day of November, 1942.

H. M. EDWARDS,
Chairman of the Council.

A. J. WOLMARANS,
Vice-Chairman of the Council.

CLAUDE E. ACTON,
Secretary of the Council.

---

* No. 2419.] [27 November 1942.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1937.

PRINTING AND NEWSPAPER INDUSTRY.

I, WALTER BAYLEY MADELEY, Minister of Labour, do hereby—

(*a*) in terms of sub-section (1) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1937, declare that all the provisions of the Agreement which appears in the Schedule hereto (hereinafter referred to as "the amending Agreement") and which relates to the Printing and Newspaper Industry and further amends the Agreements published under Government Notices Nos. 1840 and 1841 of the 24th December, 1941, as amended by Government Notices Nos. 323 of the 20th February, 1942, 1013 of the 29th May, 1942, 1672 of the 21st August, 1942, and 1743 of the 28th August, 1942, shall be binding from the 7th day of December, 1942, and for the period ending the 31st day of December, 1943, upon the employers' organizations and trade union which entered into the amending Agreement and upon the employers and employees who are members of those organizations or that union;

(*b*) in terms of sub-section (2) of section *forty-eight* of the said Act, declare that all the provisions contained in the amending Agreement shall be binding from the 7th day of December, 1942, and for the period ending the 31st day of December, 1943, upon the other employers and employees engaged or employed in the said industry in the Union of South Africa; and

(*c*) in terms of sub-section (4) of section *forty-eight* of the said Act, declare that in the Union of South Africa, and from the 7th day of December, 1942, and for the period ending the 31st day of December, 1943, all the provisions contained in the amending Agreement shall *mutatis mutandis* apply in respect of such persons as are not included in the definition of the expression "employee" contained in section *one* of the said Act.

WALTER B. MADELEY,
Minister of Labour.

NATIONAL INDUSTRIAL COUNCIL OF THE PRINTING AND NEWSPAPER INDUSTRY OF SOUTH AFRICA.

AGREEMENT.

In accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1937, the following Agreement was made and entered into by and between

The Federation of Master Printers of South Africa

and

The Newspaper Press Union of South Africa,

hereinafter referred to as the "Employers' Organisations", of the one part; and

The South African Typographical Union,

hereinafter referred to as the "Trade Union", of the other part, being the parties to the National Industrial Council of the Printing and Newspaper Industry of South Africa.

1. This Agreement shall come into operation on a date to be fixed by the Minister of Labour in terms of section *forty-eight* of the Act, and shall continue in force for such period as may be determined by him.

BYLAE.

„ INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE BESPOKE TAILORING INDUSTRY (PRETORIA)".

OOREENKOMS

ingevolge die bepalings van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, gemaak deur en aangegaan tussen die

„ Pretoria and District Merchant Tailors' Association"

(hierna genoem „ die werkgewers" of „ die werkgewersorganisasie"), aan die een kant, en die

„ Tailoring Workers' Industrial Union (Transvaal)"

(hierna genoem „ die werknemers" of „ die vakvereniging"), aan die ander kant,

wat die partye is by die „ Industrial Council for the Bespoke Tailoring Industry (Pretoria)",

om die Ooreenkoms te wysig tussen genoemde partye van 29 Januarie 1942 wat bekendgemaak is by Goewermentskennisgewing No. 305 van 20 Februarie 1942 (hierna „ die Hoofooreenkoms" genoem), en wel as volg:—

Wysiging van artikel 27 van die Hoofooreenkoms:—

„ Skrap die woorde „15 persent" in artikel 27 (2) van die Hoofooreenkoms en vervang dit deur „20 persent"."

Onderteken op Pretoria namens die partye hede die 9de dag van November 1942.

H. M. EDWARDS,
Voorsitter van die Raad.

A. J. WOLMARANS,
Ondervoorsitter van die Raad.

CLAUDE E. ACTON,
Sekretaris van die Raad.

---

* No. 2419.] [27 November 1942.

NYWERHEID-VERSOENINGSWET, 1937.

DRUK- EN NUUSBLADNYWERHEID.

Ek, WALTER BAYLEY MADELEY, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

(*a*) kragtens subartikel (1) van artikel *ag-en-veertig* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, dat al die bepalings van die Ooreenkoms (hierna genoem „ die wysigingsooreenkoms") wat in die bylae verskyn en wat betrekking het op die Druk- en Nuusbladnywerheid, en die ooreenkomste afgekondig by Goewermentskennisgewings Nos. 1840 en 1841 van 24 Desember 1941, soos gewysig by Goewermentskennisgewings Nos. 323 van 20 Februarie 1942, 1013 van 29 Mei 1942, 1672 van 21 Augustus 1942, en 1743 van 28 Augustus 1942, verder wysig vanaf die 7de dag van Desember 1942, en vir die tydperk wat eindig op die 31ste dag van Desember 1943, bindend is op die werkgewersorganisasies en vakvereniging wat die wysigingsooreenkoms aangegaan het en op die werkgewers en werknemers wat lede is van daardie organisasies of daardie vereniging;

(*b*) kragtens subartikel (2) van artikel ag-en-veertig van genoemde Wet dat al die bepalings vervat in die wysigingsooreenkoms vanaf die 7de dag van Desember 1942, en vir die tydperk wat eindig op die 31ste dag van Desember 1943, bindend is op die ander werkgewers en werknemers betrokke by of in diens van genoemde nywerheid in die Unie van Suid-Afrika; en

(*c*) kragtens subartikel (4) van artikel *ag-en-veertig* van genoemde Wet dat al die bepalings vervat in die wysigingsooreenkoms vanaf die 7de dag van Desember 1942, en vir die tydperk wat eindig op die 31ste dag van Desember 1943, in die Unie van Suid-Afrika *mutatis mutandis* van toepassing is ten opsigte van persone wat nie by die woordomskrywing van die uitdrukking „ werknemer" vervat in artikel *een* van genoemde Wet ingesluit is nie.

WALTER B. MADELEY,
Minister van Arbeid.

„ NATIONAL INDUSTRIAL COUNCIL OF THE PRINTING AND NEWSPAPER INDUSTRY OF SOUTH AFRICA."

OOREENKOMS.

Ingevolge die bepalings van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, is onderstaande Ooreenkoms gemaak, deur en aangegaan tussen

„ The Federation of Master Printers of South Africa"

en die

„ Newspaper Press Union of South Africa"

(hierin verder genoem die „ werkgewersorganisasies"), aan die een kant, en

„ The South African Typographical Union"

(hierin verder genoem die „ vakvereniging"), aan die ander kant, wat die partye is by die „ National Industrial Council of the Printing and Newspaper Industry of South Africa".

1. Hierdie Ooreenkoms tree in werking op 'n datum wat deur die Minister van Arbeid ingevolge artikel *ag-en-veertig* van die Wet vasgestel word en bly van krag vir sodanige tydperk as wat hy mag vasstel.

2. The following schedule of wages shall become operative for the areas concerned in substitution for the wages specified in Tables I, II, III, IV, V, VI, VII, VIII, X, XI, XII and XIII of section 4 (1) of the Agreement published under Government Notice No. 1840 of 1941 in the *Government Gazette* of the 24th December, 1941, and as amended by Government Notices Nos. 323, 1013, 1672 and 1743 of 1942 in *Government Gazettes* of 20th February, 29th May, 21st August and 28th August respectively, which schedule shall be deemed to be Tables I, II, III, IV, V, VI, VII, VIII, X, XI, XII and XIII of the said Agreement, and be subject to all the terms of the said Agreement as though therein incorporated, and which Agreement shall be deemed to be amended accordingly:—

TABLE I.

WEEKLY WAGES PAYABLE TO JOURNEYMEN.

Area.	Journeymen Employed on Day Work.	Journeymen Employed on Night Work, Foremen, T.M. Operators, Offset Litho., Two-colour Perfecting and Rotary Machine Minders Employed on Day Work.	Foremen, T.M. Operators, Offset Litho., Two-colour Perfecting and Rotary Machine Minders Employed on Night Work, Operator-Mechanics Employed on Day Work.	Operator-Mechanics Employed on Night Work.
	Scale 1.	Scale 2.	Scale 3.	Scale 4.
	£ s. d.	£ s. d.	£ s. d.	£ s. d.
"B"	6 3 6	6 15 9	7 9 3	8 4 3
"C"	6 13 6	7 6 9	8 1 6	8 17 9
"D"	7 1 0	7 15 0	8 10 6	9 7 6
"E"	7 6 6	8 1 3	8 17 6	9 15 3
"F"	7 12 3	8 7 6	9 4 3	10 2 9
"G"	8 1 6	8 17 9	9 15 6	10 15 0
"Ga"	7 19 6	8 15 6	9 13 0	10 12 3
"H"	8 6 6	9 3 3	10 1 6	11 1 9

TABLE II.

Weekly Wages Payable to Printer's Assistants on Day Work; and Solid Typesetters on Day Work during the First Four Years of Experience.

EXPERIENCE IN THE INDUSTRY.

Area.	First Six Months.	Second Six Months.	Third Six Months.	Fourth Six Months.	Fifth Six Months.	Sixth Six Months.	Fourth Year.	After Four Years*
	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.
"B"	23 6	25 0	26 6	30 0	32 3	36 0	38 6	41 0
"C"	25 0	26 6	28 6	32 3	36 0	39 0	40 6	43 6
"D"	28 0	33 0	36 0	39 6	43 9	46 9	49 9	52 6
"E"	29 6	34 3	38 0	42 0	45 6	49 3	52 6	55 6
"F"	31 0	37 3	40 0	43 9	46 9	52 6	59 3	61 9
"G"	29 6	34 3	38 0	42 0	46 9	52 6	59 3	61 9
"Ga"	31 0	40 0	46 9	52 6	59 3	65 0	71 6	74 3
"H"	37 3	46 9	52 6	59 3	65 0	71 6	74 3	77 3

* Printer's Assistants only. For continuation of Scales for other Employees, see following Tables.

TABLE III.

Weekly Wages Payable to Printer's Assistants on Night Work; Solid Typesetters on Night Work during the First Four Years of their Experience; and Monotype Caster Attendants on Day Work during their First Four Years of Experience.

EXPERIENCE IN THE INDUSTRY.

Area.	First Six Months.	Second Six Months.	Third Six Months.	Fourth Six Months.	Fifth Six Months.	Sixth Six Months.	Fourth Year.	After Four Years*
	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.
"B"	25 9	27 6	29 3	33 0	35 6	39 6	42 3	45 0
"C"	27 6	29 3	31 3	35 6	39 6	43 0	44 6	47 9
"D"	30 9	36 3	39 6	43 6	48 3	51 6	54 9	57 9
"E"	32 6	37 9	41 9	46 3	50 0	54 3	57 9	61 0
"F"	34 0	41 0	44 0	48 3	51 6	57 9	65 3	68 0
"G"	32 6	37 9	41 9	46 3	51 6	57 9	65 3	68 0
"Ga"	34 0	44 0	51 6	57 9	65 3	71 6	78 9	81 9
"H"	41 0	51 6	57 9	65 3	71 6	78 9	81 9	85 0

NOTE.—The Wages in this Table are ten per cent. higher than those in Table II

* Printer's Assistants only. For continuation of Scales for other Employees see following Tables.

TABLE IV (Continuation of Table II).

Weekly Wages Payable to Solid Typesetters on Day Work after Four Years of Experience.

EXPERIENCE IN THE INDUSTRY.

Area.	Fifth Year.	Sixth Year.	After Six Years.
	s. d.	s. d.	s. d.
"B"	50 3	56 9	56 9
"C"	53 0	59 9	59 9
"D"	59 3	68 9	68 9
"E"	65 0	82 3	82 3
"F"	71 6	87 6	87 6
"G"	71 6	87 6	87 6
"Ga"	85 0	98 3	98 3
"H" (Males)	77 6	105 9	124 3
"H" (Females)	82 3	87 6	87 6

2. Onderstaande loonbylae tree in werking vir die betrokke gebiede in plaas van die lone bepaal in Tabelle I, II, III, IV, V, VI, VII, VIII, X, XI, XII en XIII van artikel 4 (1) van die Ooreenkoms bekendgemaak by Goewermentskennisgewing No. 1840 van 1941 in die *Staatskoerant* van 24 Desember 1941, en soos gewysig by Goewermentskennisgewings Nos. 323, 1013, 1672 en 1743 van 1942, onderskeidelik in die *Staatskoerante* van 20 Februarie, 29 Mei, 21 Augustus en 28 Augustus; genoemde bylae word as Tabelle I, II, III, IV, V, VI, VII, VIII, X, XI, XII en XIII van genoemde Ooreenkoms beskou en is onderworpe aan al die bepalings van genoemde Ooreenkoms asof dit daarby ingelyf is en dit word beskou dat genoemde Ooreenkoms dienooreenkomstig gewysig is:—

TABEL I.

WEEKLIKSE LONE AAN VAKMANNE BETAALBAAR.

Gebied.	Vakmanne op dagwerk.	Vakmanne op nagwerk, voormanne, masjiensetters, bedieners van afsetlitho-, tweekleur-, presies- en rotasiemasjiene op dagwerk.	Voormanne, masjiensetters, bedieners van afsetlitho-, tweekleur-, presies- en rotasiemasjiene op nagwerk, masjiensetterwerktuigkundiges op dagwerk.	Masjiensetterwerktuigkundiges op nagwerk.
25/1/150. S.O. 194.....	Supply of tobbacco, cigarettes, snuff, etc., during 1943/*Lewering van tabak, sigarette, snuif, ens., gedurende* 1943— L. & H. Policansky, Salt River/*Sontrivier.* African Pipes (Pty.), Ltd., Cape Town/*Kaapstad.* Capital Tobacco Co., Pretoria. African Tobacco Manufacturers (Pty.), Ltd., Cape Town/*Kaapstad.* The United Tobacco Cos. (South), Ltd., Cape Town/*Kaapstad.* Rand Tobacco Co. (1936), Ltd., Johannesburg. Zandvlakte Tobacco Growers and Manufacturing Co., Willowmore. B. van Erkom's, Ltd., Pretoria.
25/1/5/2. Vol. II. S.O. 198....	Supply of farm foods, f.o.r. contractor's station/*Lewering van veevoedsel, ens., v.o.s. kontrakteur se stasie*— Vereeniging Milling Co., Ltd., Johannesburg. Gin Bros. & Goldblatt, Bloemfontein. C. Starke & Co., Mowbray. Great Fish River Lucerne Co-op., Ltd., Mortimer, C.P./*K.P.*
25/1/1059. S.O. 849.....	Supply of Holland blinds during the period/*Lewering van Hollind blindings gedurende die tydperk* 1.1.43-30.6.43.— Hole & Co., Port Elizabeth. V. S. Simpson (Pty.), Ltd., Pretoria.
27/1/3 III.....	Hire of motor cars and/or motor trucks at Bloemfontein, Cape Town, Durban, Johannesburg, Pietermaritzburg, Port Elizabeth, Pretoria/*Huur van motorkarre en/of motorvragwaens in Bloemfontein, Kaapstad, Durban, Johannesburg Pietermaritzburg, Port Elizabeth, Pretoria*— Martin Hudson, Durban. African Car Hire (Pty.), Ltd., Cape Town/*Kaapstad.* Pretoria Taxi Co. (Pty.), Ltd., Pretoria. G. T. Duminy (Pty.) Ltd., Bloemfontein. Rent-a-car (Pty.), Ltd. Johannesburg. Brown's Taxis, Durban. W. H. Marais, Bloemfontein.
25/1/104 II. S.O. 830.....	Supply of leather and bootmaking material during the period/*Lewering van leer en skoenmakersmateriaal gedurende die tydperk* 1.1.43-30.6.43— Bloch & Levitan, Johannesburg. Sutherlands Tannery, Ltd., Plessislaer. Silverton Tannery, Ltd., Silverton. The S.A. Rubber Manufacturing Co., Ltd., Johannesburg. Bagshaw, Gibaud & Co., Ltd., Port Elizabeth. Engineering Agencies, Johannesburg. Seales, Ltd., Great Brak River, C.P./*K.P.* Pearce & Allen, Ltd. Johannesburg. Acme Chemical Co., Ltd., Johannesburg.
25/1/115 III. S.O. 829.....	Supply of footwear and leggings during the period/*Lewering van skoeisel en kamaste gedurende die tydperk* 1.1.43-30.6.43— A. J. Lipworth (Goodwear Shoes, Ltd.), Pretoria. Natal Canvas Rubber Manufacturers (Pty.), Ltd., Durban. The Algoa Boot Factory, Ltd., Port Elizabeth. Nugget Footwear (Pty.), Ltd., Port Elizabeth. W. M. Cuthbert & Co., Ltd., Johannesburg. The C. F. Bally Shoe Factory (in association with/*in medewerking met* Cuthberts, Ltd.), Cape Town/*Kaapstad.* Kaffrarian Boots (Pty.), Ltd., Kingwilliamstown.
25/1/1233. S.O. 833.....	Supply of wire netting to the Department of Agriculture and Forestry/*Lewering van ojiesdraad aan die Departemen' van Landbou en Bosbou*— Hunt, Leuchars & Hepburn, Ltd., Pretoria. The Premier Gate, Fence and Wire Co., Ltd., Cape Town/*Kaapstad.* Otto Landsberg & Co., Cape Town/*Kaapstad.*
25/1/42/4/1. Vol. III. S.O. 848.	Supply of steel during the period/*Lewering van staal gedurende die tydperk* 1.1.43-30.6.43— Hunt, Leuchars & Hepburn, Ltd., Pretoria. Hunt, Leuchars & Hepburn, Ltd., Johannesburg.
25/1/327. S.O. 844.....	Supply of steel windows to the Industrial School, Kingwilliamstown/*Lewering van staalvensters aan die Industrieskool, Kingwilliamstown*— Woolf Engineering Co. (Pty.), Ltd., Bloemfontein. Wire Industries Steel Products and Engineering Co., Ltd., Johannesburg. Herbert Evans & Co. (Pty.), Ltd., Pretoria.
24/1/145. S.O. 615.....	Supply and delivery of steel windows and timber to the Trades School, Bloemfontein, O.F.S./*Lewering en aflewering van staalvensters en timmerhout vir die Ambagskool, Bloemfontein, O.V.S.*— Balmac Timbers & Hardware (Pty.), Ltd., Pretoria. A. A. Grant & Son (Pty.), Ltd., Brakpan. Nail and Chain, Ltd., Johannesburg. E. R. Pollak (Pty.), Ltd., Johannesburg.
25/1/35. S.O. 831.....	Supply of paper bags during the period/*Lewering van papiersakkies gedurende die tydperk* 1.1.43-30.6.43— Spicers (S.A.), Ltd., Jacobs, Natal.
20/1/78 II. P.O. 84.....	Supply of a portable air compressor/*Lewering van draagbare lugperser*— Holman Bros. (Pty.), Ltd., Johannesburg.
25/1/79 III. S.O. 1223.....	Supply of oils and greases during the calendar year 1943/*Lewering van olie en ghries gedurende die kalenderjaar* 1943— Baldwins (S.A.), Ltd., Johannesburg. P. Andrag & Sons, Cape Town/*Kaapstad.* Chemico (Pty.), Ltd., Johannesburg. J. H. Vivian & Co., Ltd., Johannesburg. The National Oil Co. (Pty.), Ltd., Johannesburg. The Standard Oil Co. (S.A.), Ltd., Johannesburg. Reids Lubricants (Pty.), Ltd., Johannesburg. Greases (S.A.), Ltd., Johannesburg. Caltex (Africa), Ltd., Cape Town/*Kaapstad.* Valvoline Oil Co., Booysens, Johannesburg. Prices (S.A.), Ltd., Johannesburg. C. C. Wakefield & Co., Ltd., Johannesburg. Vacuum Oil Co. of S.A., Ltd., Cape Town/*Kaapstad.* The Denver Machinery Co., Ltd., Johannesburg. Atlantic Refining Co. of Africa, Ltd., Cape Town/*Kaapstad.* Fraser & Chalmers (S.A.), Ltd., Johannesburg. The International Machinery and Oil Co. (Pty.), Ltd., Durban. The Shell Co. of S.A., Ltd., Cape Town/*Kaapstad.*
25/1/60. II. S.O. 846.....	Supply of buckets during the period/*Lewering van emmers gedurende die tydperk* 1/1/43-31/12/43— Transvaal Steel Pressing Syndicate, Ltd., Johannesburg.

NOTICE TO CONTRACTORS.

Tenders are hereby invited for the following services :—

Service, District and Province.	Documents Available for Issue to Contractors.	Where Obtainable.	Date Documents are Available.	Conditions of Contract, Drawings and Specifications may be Inspected at the following Offices.	Tenders due 9 a.m.
★Additions to Post Offi at Van Rhynsdorp, C.P. Tender No. P.W.D. 659	Tender forms, drawings and specifications	District Representative, Public Works Dept., P.O. Box 2702, Capetown, C.P.	1942. 4th Dec...	District Representative, Public Works Dept., P.O. Box 2702, Capetown, C.P.	1942. 24th Dec.

Tenders to be addressed to : The Chairman, Union Tender and Supplies Board, P.O. Box 371, Pretoria.
On request, documents are obtainable in either of the official languages.
A deposit of £2, either in cash, deposit receipt, or bank-initialed cheque, must be paid on each service, which will be refunded provided a *bona fide* tender is submitted and plans and specifications returned to Public Works Department.
Separate tenders are required to be submitted for each work and must be superscribed with the name of service to which they refer.
All tenders should be on the Departmental Tender Form, which must be duly filled up and completed in all particulars. The Board does not bind itself to accept the lowest or any tender.

KENNISGEWING AAN KONTRAKTEURS.

Tenders word hierby gevra vir die onderstaande dienste :—

Diens, Distrik en Provinsie.	Dokumente verkrygbaar vir uitreiking aan Kontrakteurs.	Waar verkrygbaar.	Datum waarop dokumente verkrygbaar is.	Kontrakvoorwaardes, tekeninge en spesifikasies ter insae op onderstaande kantore.	Tenders ingewag tot 9 vm.
★Aanbou aan Poskantoor te Van Rhynsdorp (K). Tender No. P.W.D. 659	Tendervorms, tekeninge en spesifikasies	Distriksverteenwoordiger, Dept. van Publieke Werke, Posbus 2702, Kaapstad, K.P.	1942. 4 Des.....	Distriksverteenwoordiger, Dept. van Publieke Werke, Posbus 2702, Kaapstad, K.P.	1942. 24 Des.

Tenders moet geadresseer word aan : Die Voorsitter, Unieraad vir Tenders en Leweransies, Posbus 371, Pretoria.
Op aanvraag is dokumente verkrygbaar in een van beide offisiële tale.
Vir elke diens moet 'n bedrag van £2, of 'n kwitansie vir kontante betaling, of tiek deur die bank geparafeer, gedeponeer word wat terugbetaal sal word mits 'n *bona fide* tender ingestuur word en planne en spesifikasies aan die Departement van Publieke Werke terugbesorg word.
Afsonderlike tenders word verlang vir elke werk en op die koevert moet die naam van die diens vermeld word waarop dit betrekking het.
Alle tenders moet op die tendervorm van die Departement wees en moet behoorlik alle besonderhede bevat. Die Tenderraad, verbind hom nie om die laagste of enige tender aan te neem nie.

Tender Forms obtainable from :
Secretary, P.W.D., Pretoria (Room 538, Phone 2-6924).

Services :

Supply and delivery of white glazed wall tiles, S.A. Police Barracks, Pretoria, T.P. Tender No. P.W.D. 647.

Tenders due 9 a.m., 3rd December, 1942.

★ Supply, delivery and erection of a swimming bath filtration plant at the Industrial School, Tempe, O.F.S.. Tender No. P.W.D. 651.

Tenders due 9 a.m., 17th December, 1942.

★ Supply and delivery of a crude oil engine lighting plant for the Government Buildings, Beit Bridge, T.P. Tender No. P.W.D. 653.

Tenders due 9 a.m., 21st January, 1943.

Tendervorms verkrygbaar by :
Sekretaris, D.P.W., Pretoria (Kamer 538, Foon 2-6924).

Dienste :

Lewering en aflewering van wit geglasuurde muurteëls vir die S.A. Polisiekaserne, Pretoria, T.P. Tender No. D.P.W. 647.

Tenders ingewag tot 9-uur vm., 3 Desember 1942.

★ Lewering, aflewering en oprigting van 'n filtreerinstallasie vir die swembad by die Industrieskool te Tempe, O.V.S. Tender No. D.P.W. 651.

Tenders ingewag tot 9-uur vm., 17 Desember 1942.

★ Lewering en aflewering van 'n ruoliemotor vir 'n liginstallasie in die Goewermentsgebou te Beitbrug, Transvaal. Tender No. D.P.W. 653.

Tenders ingewag tot 9-uur vm., 21 Januarie 1943.

Tender Forms obtainable from:
The Chairman, Union Tender and Supplies Board, 271 Visagie Street (P.O. Box 371, Phone 2-9145), Pretoria.

Services:

Supply of tallow and cocoanut oil for soap making to the Central Prison, Pretoria. Tender No. S.O. 203.
Supply of ice-cream, sweets and nuts to the Mental Hospital, Pretoria. Tender No. S.O. 204.
Supply of fencing material to the Housecraft School, Hartebeestpoort. Tender No. S.O. 904.
Supply of tools, well lining, etc., to the Department of Native Affairs. Tender No. S.O. 905.
Supply of feed pumps and smokestack for boilers to the State Sawmills, Entabeni. Tender No. S.O. 906.
Supply of timber, tin ingots and hydrochloric acid to the Mental Hospital, Pretoria. Tender No. S.O. 908.
Supply of tools, electrical material and steel, etc., to the Trades School, Middelburg, Transvaal. Tender No. S.O. 912.
Supply of power plant to the State Sawmill, Entabeni. Tender No. S.O. 915.
Supply of D.C. generator to the State Sawmill, Entabeni. Tender No. S.O. 916.
Supply of neutral oil to the Onderstepoort Laboratory during the period ending 31st May, 1943. Tender No. S.O. 918.
Supply of hand water pumps to the Department of Native Affairs. Tender No. S.O. 919.
Supply of screws and casement stays and fasteners to the Loskop Settlement. Tender No. S.O. 920.
Cut, make and trim of tents and sail covers during the period 1st January to 31st December, 1943. Tender No. S.O. 921.
Supply of hand carts (for removing manure) to the Department of Native Affairs, Natal and Zululand. Tender No. S.O. 923.
Supply of Sunday suits to the Trades School, Bloemfontein. Tender No. S.O. 1234.
Supply of tailoring requirements to the Department of Education. Tender No. S.O. 1235.
Supply of laboratory ware and chemicals to the Grootfontein College of Agriculture, Middelburg, Cape. Tender No. S.O. 732.
★ Supply of chemicals and apparatus to the Agricultural Research Institute, Pretoria. Tenders No. S.O. 645 and No. S.O. 650.

Tenders due 9 a.m., 3rd December, 1942.

Supply of hypodermic syringes and spares to the Onderstepoort Laboratory. Tender No. S.O. 917.
Supply of tractor disc harrow to the Loskop Settlement. Tender No. S.O. 924.
Supply of screws and washers to the Vaal-Hartz, Riet River, Loskop and Zandfontein Settlements. Tender No. S.O. 925.
Supply of tools and fencing material, etc., to the Bloemfontein, Pietermaritzburg and Eshowe Forestal Districts. Tender No. S.O. 926.
Supply of concrete mixers to the Ganspan Settlement. Tender No. S.O. 927.
Supply, delivery and erection of windmill on the Mara Research Station, Zoutpansberg. Tender No. S.O. 930.
Supply of funeral services for the Department of Defence at various centres during the calendar year 1943. Tender No. S.O. 932.
Supply of grinding mills and chaff cutter to the Department of Native Affairs, Vryburg, Witzieshoek and Thaba 'Nchu. Tender No. S.O. 933.
Supply of X-ray and photographic material to the Department of Public Health, for various institutions during the calendar year 1943. Tender No. S.O. 934.
★ Supply of shirts, trousers and shorts to the Internment Camps. Tender No. S.O. 1237.

Tenders due 9 a.m., 10th December, 1942.

★ Supply of crushed stone and casement stays to the Karatara Settlement. Tender No. S.O. 937.
★ Supply of tools, timber, steel, etc., to the Piet Retief Trades School, Adelaide, C.P. Tender No. S.O. 938.
★ Supply of belt dressing during the period 1st February to 31st July, 1943. Tender No. S.O. 940.
★ Supply of timber to the Leper Institution, Pretoria. Tender No. S.O. 941.
★ Supply of folding chairs to the Department of Native Affairs, Thaba 'Nchu. Tender No. S.O. 942.
★ Suply of stoves to an internment camp. Tender No. S.O. 944.
★ Supply of timber, etc., for making of coffins to the Mental Hospital, Bloemfontein. Tender No. S.O. 945.
★ Supply of gingham and casement cloth to the Alexandra Institution for Feebleminded, Maitland, C.P. Tender No. S.O. 1236.

Tenders due 9 a.m., 17th December, 1942.

Supply of chemicals and laboratory ware to the Department of Public Health, Durban. Tender No. S.O. 705.
Supply of chemicals to the Grootfontein College of Agriculture, Middelburg, C.P. Tender No. S.O. 707.
Supply of seed testing apparatus to the College of Agriculture and Experiment Station, Potchefstroom. Tender No. S.O. 687.
Supply of laboratory ware and chemicals to the Low Temperature Research Laboratory, Cape Town. Tender No. S.O. 698.
Supply of laboratory ware and chemicals to the Western Province Fruit Research Station, Stellenbosch. Tender No. S.O. 715.

Tenders due 9 a.m., 14th January, 1943.

Tender Forms obtainable from:
The District Stores Superintendents, Johannesburg, Cape Town, Port Elizabeth, Durban, and Bloemfontein; The Divisional Controller, Post Office, Pietermaritzburg; The Controller of Post Office Stores, Room 77, General Post Office Annexe, Pretoria.

Services:

Supply of plumbers' metal. Post Office Tender No. 117.

Tenders due 9 a.m., 26th November, 1942.

★ Supply of ladders, wooden extension. Post Office Tender No. 118.
Tenders due 9 a.m., 17th December, 1942.

Tender Forms obtainable from:
The Quartermaster, South African Police, P.O. Box 449 (149 Koch Street), Pretoria.

Services:

Supply of photographic material. South African Police Indent No. 308.
Supply of motor car, motor cycle and bicycle accessories, etc. South African Police Formal Tender No. 309.

Tenders due 9 a.m., 17th December, 1942.

Tendervorms verkrygbaar by:
Die Voorsitter, Unieraad vir Tenders en Leweransies, Visagiestraat 271 (Posbus 371, Foon 2-9145), Pretoria.

Dienste:

Lewering van hardevet en klapperolie vir die maak van seep aan die Sentrale Gevangenis, Pretoria. Tender No. S.O. 203.
Lewering van roomys, lekkers en neute aan die Sielsiekegestig, Pretoria. Tender No. S.O. 204.
Lewering van omheiningsmateriaal aan die Huishoudskool, Hartebeestpoort. Tender No. S.O. 904.
Lewering van gereedskap, putbekleding, ens., aan die Departement van Naturellesake. Tender No. S.O. 905.
Lewering van waterpompe en skoorsteenpyp vir stoomketels aan die Staatsaagmeule, Entabeni. Tender No. S.O. 906.
Lewering van timmerhout, tinstawe en soutsuur aan die Sielsiekegestig, Pretoria. Tender No. S.O. 908.
Lewering van gereedskap, elektriese materiaal en staal, ens., aan die Ambagskool, Middelburg, Transvaal. Tender No. S.O. 912.
Lewering van masjinerie aan die Staatsaagmeule, Entabeni. Tender No. S.O. 915.
Lewering van G.S.-generator aan die Staatsaagmeule, Entabeni. Tender No. S.O. 916.
Lewering van neutrale olie aan die Onderstepoort-laboratorium gedurende die tydperk eindigende 31 Mei 1943. Tender No. S.O. 918.
Lewering van handwaterpompe aan die Departement van Naturellesake. Tender No. S.O. 919.
Lewering van skroewe, raamstutte en -knippe aan die Loskopnedersetting. Tender No. S.O. 920.
Sny, maak en tooi van tente en bokseile gedurende die tydperk 1 Januarie tot 31 Desember 1943. Tender No. S.O. 921.
Lewering van handkarre (vir verwydering van mis) aan die Departement van Naturellesake, Natal en Zoeloeland. Tender No. S.O. 923.
Lewering van Sondagspakke aan die Ambagskool, Bloemfontein. Tender No. S.O. 1234.
Lewering van kleremakersbenodigdhede aan die Departement van Onderwys. Tender No. S.O. 1235.
Lewering van laboratoriumware en chemikalieë aan die Grootfontein-landboukollege, Middelburg, Kaap. Tender No. S.O. 732.
★ Lewering van chemikalieë en apparaat aan die Landbou-navorsingsinstituut, Pretoria. Tenders No. S.O. 650 en No. S.O. 645.

Tenders ingewag tot 9-uur vm., 3 Desember 1942.

Lewering van onderhuidspuite en -onderdele aan die Onderstepoortlaboratorium. Tender No. S.O. 917.
Lewering van trekker-skotteleg aan die Loskop-nedersetting. Tender No. S.O. 924.
Lewering van skroewe en wasters aan die Vaal-Hartz-, Rietrivier-, Loskop- en Zandfontein-nedersettings. Tender No. S.O. 925.
Lewering van gereedskap en omheiningsmateriaal, ens., aan die Bosdistrikte Bloemfontein, Pietermaritzburg en Eshowe. Tender No. S.O. 926.
Lewering van betonmengers aan die Ganspan-nedersetting. Tender No. S.O. 927.
Lewering, aflewering en oprigting van 'n windpomp op die Maranavorsingstasie, Zoutpansberg. Tender No. S.O. 930.
Lewering van begrafnisdienste vir die Departement van Verdediging by verskillende sentrums gedurende die kalenderjaar 1943. Tender No. S.O. 932.
Lewering van meulens en kafsnyer aan die Departement van Naturellesake, Vryburg, Witzieshoek, en Thaba 'Nchu. Tender No. S.O. 933.
Lewering van X-straal- en fotografiese materiaal aan die Departement van Volksgesondheid vir verskillende inrigtings gedurende die kalenderjaar 1943. Tender No. S.O. 934.
★ Lewering van hemde, lang- en kortbroeke aan die Interneringskampe. Tender No. S.O. 1237.

Tenders ingewag tot 9-uur vm., 10 Desember 1942.

★ Lewering van gebreekte klip en vensterstutte aan die Karatara-nedersetting. Tender No. S.O. 937.
★ Lewering van gereedskap, timmerhout, staal, ens., aan die Piet Retief-ambagskool, Adelaide (K). Tender No. S.O. 938.
★ Lewering van dryfriemsmeersel gedurende die tydperk 1 Februarie tot 31 Julie 1943. Tender No. S.O. 940.
★ Lewering van timmerhout vir die Leprosegestig, Pretoria. Tender No. S.O. 941.
★ Lewering van voustoele aan die Departement van Naturellesake, Thaba 'Nchu. Tender No. S.O. 942.
★ Lewering van stowe vir 'n interneringskamp. Tender No. S.O. 944.
★ Lewering van timmerhout, ens., vir die maak van doodkiste aan die Sielsiekegestig, Bloemfontein. Tender No. S.O. 945.
★ Lewering van rok- en gordynmateriaal aan die Alexandragestig vir Swaksinniges, Maitland (K). Tender No. S.O. 1236.

Tenders ingewag tot 9-uur vm., 17 Desember 1942.

Lewering van chemikalieë en laboratoriumware aan die Departement van Volksgesondheid, Durban. Tender No. S.O. 705.
Lewering van chemikalieë aan die Grootfonteinse Landboukollege, Middelburg, K.P. Tender No. S.O. 707.
Lewering van saadtoetsapparaat aan die Landboukollege en Proefplaas, Potchefstroom. Tender No. S.O. 687.
Lewering van laboratoriumware en chemikalieë aan die Lae Temperatuur-navorsingslaboratorium, Kaapstad. Tender No. S.O. 698.
Lewering van laboratoriumware en chemikalieë aan die Westelike Provinsie Vrugte-navorsingstasie, Stellenbosch. Tender No. S.O. 715.

Tenders ingewag tot 9-uur vm., 14 Januarie 1943.

Tendervorms verkrygbaar by:
Die Distriksmagasynsuperintendente, Johannesburg, Kaapstad, Port Elisabeth, Bloemfontein, en Durban; Die Afdelingskontroleur, Poskantoor, Pietermaritzburg; Die Kontroleur van Posvoorrade, Kamer 77, Hoofposkantoorbygebou, Pretoria.

Dienste:

Lewering van loodgietersmetaal. Poskantoor Tender No. 117.

Tenders ingewag tot 9-uur vm., 26 November 1942.

★ Lewering van verstellere van hout gemaak. Poskantoor Tender No. 118

Tenders ingewag tot 9-uur vm., 17 Desember 1942.

Tendervorms verkrygbaar by:
Die Kwartiermeester, Suid-Afrikaanse Polisie, Posbus 449, Kochstraat 149, Pretoria.

Dienste:

Lewering van fotografiese benodigdhede. Suid-Afrikaanse Polisie-Rekwisisie No. 308.
Lewering van motorkar-, motorfiets- en trapfietsonderdele, ens. Suid-Afrikaanse Polisie Formele Tender No. 309.

Tenders ingewag tot 9-uur vm., 17 Desember 1942.

Tender Forms obtainable from:
Controller of Stores, Irrigation Department, P.O. Box 277, Pretoria.

Services:

Supply of three-winged and star bits to the Boring Branch. Irrigation Tender No. 852—1942/43.
Heat treatment of bits. Irrigation Tender No. 853—1942/43.

Tenders due 9 a.m., 17th December, 1942.

---

* Supply of flat mild steel and square mild steel, standard stock. Irrigation Tender No. 893—1942/43.
Tenders due 9 a.m., 31st December, 1942.

Tenders to be addressed to: The Chairman, Union Tender and Supplies Board, 271 Visagie Street (P.O. Box 371), Pretoria.

Separate tenders are required to be submitted for each service and must be superscribed with the name of service to which it refers.
All tenders should be on the Departmental Tender Form, which must be duly filled up and completed in all particulars. The Board does not bind itself to accept the lowest or any tender.

OFFICE OF THE DIRECTOR-GENERAL OF WAR SUPPLIES.

SUPPLY AND DELIVERY OF MEAT, POULTRY, ETC.

Tenders are hereby invited for the supply and delivery into store of meat, poultry, etc., for the Department of Defence at various Defence Supply Depots in the Union of South Africa and South West Africa as listed hereunder for the period 1st January, 1943, to 30th June, 1943:—

Enquiry Nos.	*Covering various Defence Supply Depots situated in—*
D.W.S.B. 679 D.	Cape Province, Orange Free State,
D.W.S.B. 680 D.	South West Africa, Natal,
D.W.S.B. 681 D.	Transvaal.

Copies of Enquiry Documents may be obtained on application to the Director-General of War Supplies, Escom House, Rissik Street (P.O. Box 8647), Johannesburg.

Tenders are due by not later than 11.30 a.m., on Monday, the 30th November, 1942.

SOUTH AFRICAN RAILWAYS AND HARBOURS.

* TENDERS FOR THE SUPPLY OF DRUGS, MEDICINE BOTTLES, ETC., TO THE SOUTH AFRICAN RAILWAYS AND HARBOURS SICK FUND.

Tenders are hereby invited for the supply of—

(1) drugs;
(2) tablets (South African manufacture);
(3) druggists' sundries;
(4) Medicine bottles;

for the period 1st April, 1943, to 31st March, 1944.

Signed and sealed tenders, superscribed "Tender for the supply of Drugs, etc.", must be addressed to the Secretary to the Tender Board, Railway Headquarters Offices, Johannesburg, and must be in his hands by 1 p.m., on Monday, the 22nd February, 1943.

Tender forms, and any other particulars, may be obtained on application to the South African Railways and Harbours Sick Fund Drug Store, Braamfontein.

The Board reserves the right to accept any portion of a tender without the whole, and does not bind itself to accept the lowest or any tender.

C. M. HOFFE,
General Manager.

Johannesburg, 20th November, 1942.

---

* TENDER FOR THE SUPPLY OF:— MISCELLANEOUS COAL.

Tenders will be received by the Secretary to the Tender Board, South African Railways and Harbours, Headquarter Offices, Johannesburg, not later than 1 p.m. on the following date for the supply of the above-mentioned:—

Tender No. 3888: 7th December, 1942.

Forms of Tender, with full particulars, may be obtained from the Railway Stores, Salt River, Uitenhage, East London, Durban, Bloemfontein, Pretoria and the Office of the Chief Stores Superintendent, Park Chambers, Johannesburg.

The Administration does not bind itself to accept the lowest or any tender.

Johannesburg. 7217—27

Tendervorms verkrygbaar by:
Kontroleur van Voorrade, Besproeiingsdepartement, Posbus 277, Pretoria.

Dienste:

Lewering van drievleuelbeitels en sterbeitels aan die Boorafdeling. Besproeiings Tender No. 852—1942/43.
Hittebehandeling van beitels. Besproeiings Tender No. 853—1942/43.

Tenders ingewag tot 9-uur vm., 17 Desember 1942.

---

* Lewering van plat sagte staal en vierkantige staal yster, standaardvoorrade. Besproeiings Tender No. 893—1942/43.
Tenders ingewag tot 9-uur vm., 31 Desember 1942.

Tenders moet gerig word aan die Voorsitter, Unieraad vir Tenders en Leweransies, Visagiestraat 271 (Posbus 371), Pretoria.

Afsonderlike tenders word verlang vir elke diens en hulle moet die naam van die betrokke diens as opskrif dra.
Alle tenders moet volledig op die tendervorm van die Departement ingevul wees. Die Raad verbind hom nie om die laagste of enige tender aan te neem nie.

KANTOOR VAN DIE DIREKTEUR-GENERAAL VIR OORLOGSBEHOEFTES.

VERSKAFFING EN AFLEWERING VAN VLEIS, PLUIMVEE, ENS.

Tenders word hiermee gevra vir die verskaffing en aflewering, in die magasyn, van vleis, pluimvee, ens., vir die Departement van Verdediging by verskillende Verdediging Voorrade Dépôts in die Unie van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika, vir die termyn 1 Januarie 1943 tot 30 Junie 1943, as volg:—

Navraag Nos.	*Vir die verskillende Verdediging Voorrade Dépôts geleë in—*
D.W.S.B. 679 D.	Kaapprovinsie, Oranje-Vrystaat,
D.W.S.B. 680 D.	Suidwes-Afrika, Natal,
D.W.S.B. 681 D.	Transvaal.

Kopieë van navrae-dokumente kan verkry word op aansoek by die Direkteur-generaal vir Oorlogsbehoeftes, Escom-huis, Rissikstraat (Posbus 8647), Johannesburg.

Tenders word ingewag nie later as 11.30 vm., op Maandag, 30 November 1942, nie. 20-27

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS.

* TENDERS VIR VERSKAFFING VAN VERDOWINGSMIDDELS, MEDISYNEBOTTELS, ENS., VIR DIE SIEKEFONDS VAN DIE SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS.

Tenders word ingewag vir die verskaffing van—

(1) verdowingsmiddels;
(2) tablette (Suid-Afrikaanse fabrikaat);
(3) diverse benodigdhede vir drogiste;
(4) medisynebottels;

vir tydperk 1 April 1943 tot 31 Maart 1944.

Getekende en verseëlde tenders, met die opskrif „Tender vir die verskaffing van verdowingsmiddels, ens.", moet aan die Sekretaris van die Tenderraad, Spoorweghoofkantoor, Johannesburg, gerig word en in sy hande wees teen 1 nm., op Maandag, 22 Februarie 1943.

Tendervorms en enige ander besonderhede kan op aansoek by die medisynemagasyn van die Siekefonds van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, Braamfontein, verkry word.

Die Raad behou hom die reg voor om enige deel van 'n tender te aanvaar sonder om die hele aan te neem, en verbind hom nie om die laagste of enige tender aan te neem nie.

C. M. HOFFE,
Hoofbestuurder.

Johannesburg, 20 November 1942. 7218—27

---

*TENDERS WORD INGEWAG VIR DIE VERSKAFFING VAN:—

DIVERSE STEENKOOL.

Tenders sal ingewag word deur die Sekretaris van die Tenderraad, Hoofkantoor van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, Johannesburg, nie later nie as 1 nm. op die volgende datum vir die verskaffing van die bostaande:—

Tender No. 3888: 7 Desember 1942.

Tendervorms, tesame met volledige besonderhede kan van die Spoorwegmagasyne, Soutrivier, Uitenhage, Oos-Londen, Bloemfontein, Durban, Pretoria, en die kantoor van die Hoofmagasynsuperintendent, Parkgebou, Johannesburg, verkry word.

Die Administrasie is nie verplig om die laagste of enige tender aan te neem nie.

Johannesburg. 7217—27

NATIONAL ROAD BOARD.

VACANCIES FOR LABORATORY ASSISTANTS.

Applications are invited from suitably qualified candidates for appointment to posts of Laboratory Assistant on this establishment.

Candidates must be in possession of a B.Sc. degree (with Chemistry as a major subject) of a South African University, or its equivalent, or must have passed the Matriculation Certificate examination (with Mathematics and Chemistry as subjects), or its equivalent.

If a successful candidate is a graduate the salary scale attaching to the post will be £200×£20—£400 but if a successful candidate has only passed the Matriculation examination the salary scale will be £180×£15—£240.

Candidates must be bilingual and preference will be given to candidates who have had laboratory experience.

The successful candidates will be required to carry out laboratory work and to perform any other duties which may be assigned to them.

1. Candidates are required to state the earliest date it will be possible for them to assume duty in the event of their being offered appointment, and, if in employment, their present salary.

2. A successful candidate who is a member of the public service, will be seconded to the service of the Board and will retain his public service rights and privileges whilst so serving.

3. Any person other than a member of the public service appointed as an officer of the Board will be subject to such conditions of service as may be prescribed by regulation. Such person will be required to furnish satisfactory certificates of birth and health, and to enter into a contract of service with the Minister of the Interior on the form contained in Annexure "A" of the regulations.

4. Application forms (with Annexure "A" mentioned above) are obtainable from the Secretary, National Road Board, P.O. Box 415, Pretoria, and applications must reach the Board's office not later than the 7th December, 1942. Applications received after that date will not be considered.

5. Original certificates and testimonials should *not* be submitted in the first instance. 13-20-27

NASIONALE PADRAAD.

VAKATURES VIR LABORATORIUM-ASSISTENTE.

Aansoeke word ingewag van bevoegde kandidate vir aanstelling in poste van Laboratorium-assistent op hierdie diensstaat.

Kandidate moet in besit wees van 'n B.Sc.-graad (met skeikunde as 'n hoofvak) van 'n Suid-Afrikaanse Universiteit of 'n graad wat daarmee gelykstaan, of hulle moet in die Matrikulasiesertifikaat-eksamen (met matesis en skeikunde as vakke), of 'n eksamen wat daarmee gelykstaan, geslaag het.

Indien 'n suksesvolle kandidaat 'n gegradueerde is, sal die salarisskaal verbonde aan die pos £200×£20—£400 wees maar indien 'n suksesvolle kandidaat alleen in die Matrikulasiesertifikaat-eksamen geslaag het sal die salarisskaal £180×£15—£240 wees.

Kandidate moet tweetalig wees en kandidate wat alreeds laboratoriumervaring opgedoen het sal voorkeur geniet.

Van die suksesvolle kandidate sal vereis word dat hulle laboratoriumwerk en enige ander werk wat aan hulle toevertrou mag word, moet verrig.

1. Dit word verlang dat kandidate die vroegste datum waarop hulle diens kan aanvaar, indien hulle die pos aangebied word, vermeld, asook hul teenswoordige salaris, indien hulle tans werksaam is.

2. 'n Suksesvolle kandidaat wat 'n staatsamptenaar is, word aan die Raad geleen en behou sy staatsdiensregte en -voorregte terwyl hy in diens van die Raad is.

3. Enige ander persoon wat nie lid van die staatsdiens is nie en wat as 'n amptenaar van die Raad aangestel word, is onderworpe aan sodanige diensvoorwaardes as wat volgens regulasies voorgeskryf mag word. Sodanige persoon moet bevredigende geboorte- en gesondheidsertifikate voorlê en moet 'n dienskontrak met die Minister van Binnelandse Sake aangaan volgens die vorm aangegee in aanhangsel „A" van die regulasies.

4. Aansoekvorms (tesame met bogenoemde aanhangsel „A") is verkrygbaar by die Sekretaris, Nasionale Padraad, Posbus 415, Pretoria, en aansoeke moet die kantoor van die Raad voor of op 7 Desember 1942 bereik. Aansoeke wat na daardie datum ontvang word sal nie in aanmerking geneem word nie.

5. Oorspronklike sertifikate en getuigskrifte moet vereers *nie* ingestuur word *nie*. 13-20-27

DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND FORESTRY.

Applications for the post specified in the appended schedule will be received up to and including the date indicated.
Candidates must be British subjects, bilingual, and have resided in the Union of South Africa or in the Mandated Territory of South West Africa for at least three years.
Successful candidates will be required to submit satisfactory certificates of birth and health.
Original certificates and testimonials should not be submitted in the first instance.
Application must be made on the prescribed form (Z. 83) which is obtainable from the Secretary, Department of Agriculture and Forestry, Union Buildings, Pretoria, to whom all completed forms must be addressed.
Full particulars of qualifications and experience must be stated.

Particulars of Vacancy.	Emoluments.	Remarks.	Closing Date.
Temporary Assistant Professional Officer (Domestic Science)	(*a*) For graduates £250 p.a. in accordance with the scale £250 × £25–£300 × £20–£500. (*b*) For non-graduates £200 p.a. in accordance with the scale £200 × £20–£400	Candidates must possess at least a B.Sc. (Domestic Science) degree of a University of recognised standing. Post graduate experience will be a recommendation. The successful candiate will be required to undertake general domestic science extension work including intensive work on settlements and elsewhere	5th Dec., 1942.
Temporary Assistant Professional Officer (Lecturer in Chemistry)	Salary £250 per annum in accordance with the salary scale £250 × £25–£300 × £20–£500	Candidates must be in possession of at least a B.Sc Degree in Agriculture of a University of recognised standing with Agricultural Chemistry as major subject	5th Dec., 1942.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN BOSBOU.

Aansoeke om die betrekking in bygaande skedule vermeld word ingewag tot en met inbegrip van die datum daarin aangedui.
Kandidate moet tweetalige Britse onderdane wees en moet minstens drie jaar in die Unie van Suid-Afrika of in die Mandaatgebied Suidwes-Afrika gewoon het.
Suksesvolle kandidate moet bevredigende geboorte- en gesondheidsertifikate indien.
Oorspronklike sertifikate en getuigskrifte moet vereers nie ingedien word nie.
Aansoek moet gedoen word op die voorgeskrewe vorm (Z. 83) wat verkrygbaar is van die Sekretaris van Landbou en Bosbou, Uniegebou, Pretoria, aan wie alle ingevulde vorms gerig moet word.
Volle besonderhede betreffende kwalifikasies en ondervinding moet vermeld word.

Besonderhede van Vakature.	Besoldiging.	Opmerkings.	Sluitingsdatum.
Tydelike Assistent Vakkundige Beampte (Huishoudkunde)	(*a*) Vir gegradueerdes £250 p.j. volgens skaal £250 × £25–£300 × £20–£500. (*b*) Vir nie-gegradueerdes £200 p.j. volgens skaal £200 × £20–£400	Kandidate moet in besit wees van minstens 'n B.Sc.-graad (Huishoudkunde) van 'n erkende Universiteit. Nagraadse ondervinding sal 'n aanbeveling wees. Van die suksesvolle kandidaat sal verlang word om algemene huishoudkundige uitbreidingswerk te doen, insluitende intensiewe werk op nedersettings en elders	5 Des. 1942.
Tydelike Assistent Vakkundige Beampte (Lektor in Skeikunde)	£250 per jaar volgens die salarisskaal £250 × £25–£300 × £20–£500	Kandidate moet in besit wees van minstens 'n B.Sc.-graad in Landbou van 'n erkende Universiteit met Landbouskeikunde as hoofvak	5 Des. 1942.

DEPARTMENT OF SOCIAL WELFARE.

VACANCY FOR A TEMPORARY SOCIAL WELFARE OFFICER (MALE).

1. Applications are invited from suitably qualified candidates for the above-mentioned vacancy in the Department of Social Welfare at Pretoria.

DEPARTEMENT VAN VOLKSWELSYN.

VAKATURE VIR 'N TYDELIKE VOLKSWELSYNBEAMPTE (MANLIK).

1. Aansoeke word ingewag van bevoegde kandidate vir bogemelde betrekking in die Departement van Volkswelsyn te Pretoria.

2. The commencing salary is £250 per annum, but consideration will be given to the payment of a higher salary where qualifications or experience warrant. Appointment will be on a purely temporary basis and may be terminated on one month's notice on either side.

3. The duties are of a general social welfare nature and relate to the social and recreational needs of sailors at South African ports.

4. Candidates must be British subjects, bilingual and have resided in the Union or Mandated Territory of South West Africa for at least three years.

5. Qualifications in social science will be a recommendation, but consideration will also be given to applicants with experience in the field.

6. Application must be made on the prescribed form (Z. 83), which is obtainable from the Secretary for Social Welfare, Koedoe Buildings, Pretoria, to whom all completed forms must be addressed. Applications should reach this address not later than 12th December, 1942.

7. Original certificates and testimonials should not be submitted in the first instance. 20-27-4

✱ VACANCY FOR TEMPORARY PHARMACIST.

Applications are invited from suitably qualified candidates for appointment to the above-mentioned post in the Department of Public Health.

Candidates must be British subjects, bilingual, must have had at least three years' residence in South Africa and must hold qualifications as a pharmacist registrable by the South African Pharmacy Board. A University degree in Arts or Science will be a recommendation.

The duties of the post will be mainly in connection with the enforcement of the provisions of the Medical, Dental and Pharmacy Act, No. 13 of 1928, regarding poisons and habit-forming drugs. They will also include work in connection with returns required by the International Conventions relating to narcotic drugs and such other duties as may be decided upon.

The appointment will be for the duration of the war, subject, however, to termination at any time after one month's notice given by either side. The salary will be at the rate of £40 per mensem plus cost of living allowance at public service rates. The successful candidate will be required to submit satisfactory certificates of birth and health.

Forms of application may be obtained from the Secretary for Public Health, P.O. Box 386, Pretoria, and applications should reach this address not later than the 24th December, 1942.

Original certificates and testimonials should *not* be submitted in the first instance.

✱ VACANCIES (TWO) FOR MEDICAL OFFICERS (CONTRACT).

1. Applications are invited from suitably qualified candidates for the above-mentioned posts at the Rietfontein Tuberculosis Hospital, Department of Public Health.

2. Candidates must hold registrable medical qualifications, must be British subjects and bilingual, and must have resided in the Union or the Mandated Territory of South West Africa for a period of at least three years. Full particulars must be given of any experience gained in the treatment of tuberculosis.

3. The appointment will be for the duration of the war, subject, however, to termination on three months' notice being given by either side.

4. The salary attaching to the posts is £500 per annum, plus free quarters and a service allowance of £120 per annum.

5. The successful candidates will be required to submit satisfactory certificates of birth and health and to enter into a contract with the Department.

6. Application must be made on the prescribed form (Z. 83), which is obtainable from the Secretary for Public Health, P.O. Box 386, Pretoria, to whom all completed forms should be addressed.

7. Original certificates and testimonials should not be submitted in the first instance.

8. Applications will be received up to and including the 15th December, 1942. Staff 6/23.

✱ VACANCIES FOR (*a*) TEMPORARY ASSISTANT DISTRICT SURGEON, JOHANNESBURG; (*b*) TEMPORARY ASSISTANT DISTRICT SURGEON, PRETORIA, AND (*c*) DISTRICT SURGEON, NIGEL.

Applications are invited from suitable candidates for appointment to the above-mentioned posts in the Department of Public Health.

2. Die aanvangsalaris bedra £250 per jaar, maar die betaling van 'n hoër aanvangsalaris sal oorweeg word waar kwalifikasies en ervaring dit regverdig. Aanstelling sal op 'n suiwer tydelike basis geskied en onderworpe wees aan beëindiging na kennisgewing van een maand van een van beide kante.

3. Die pligte is van 'n algemene sosiale welsynaard en staan in verband met die maatskaplike en ontspanningsbehoeftes van seelui in Suid-Afrikaanse hawens.

4. Kandidate moet Britse onderdane en tweetalig wees en minstens drie jaar lank in die Unie of die Mandaatgebied Suidwes-Afrika gewoon het.

5. Professionele kwalifikasies in die sosiale wetenskap sal 'n aanbeveling wees, maar applikante met ervaring in veldwerk sal ook in aanmerking geneem word.

6. Aansoeke moet gedoen word op die voorgeskrewe vorm (Z. 83) wat verkrygbaar is van die Sekretaris van Volkswelsyn, Koedoegebou, Pretoria, aan wie alle ingevulde vorms gerig moet word. Aansoeke moet hierdie adres nie later as 12 Desember 1942 bereik nie.

7. Oorspronklike sertifikate en getuigskrifte moet vereers nie ingedien word nie. 20-27-4

✱ VAKATURE VIR TYDELIKE APTEKER.

Aansoeke word ingewag van bevoegde kandidate vir aanstelling in bogenoemde betrekking in die Departement van Volksgesondheid.

Kandidate moet Britse onderdane en tweetalig wees, moet minstens drie jaar in die Unie van Suid-Afrika of in die Mandaatgebied Suidwes-Afrika gewoon het, en moet as aptekers en drogiste geregistreer wees deur die Suid-Afrikaanse Aptekerskommissie. 'n Universiteitsgraad in die Lettere of Wetenskap sal 'n aanbeveling wees.

Die pligte aan die betrekking verbonde, sal hoofsaaklik in verband staan met die toepassing van die bepalinge van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, No. 13 van 1928, aangaande vergifte en gewoontevormende medisyne. Die pligte sluit ook in werk in verband met opgawes verlang deur die Internasionale Konvensies aangaande verdowingsmiddels, en sulke ander pligte as wat opgelê mag word.

Die aanstelling is vir die duur van die oorlog, onderworpe egter aan beëindiging te eniger tyd na kennisgewing van een maand deur een van beide partye. Die salaris sal £40 per maand wees, plus lewenskostetoelae teen Staatsdienstariewe. Die suksesvolle kandidaat sal 'n bevredigende geboorte- en gesondheidsertifikaat moet indien.

Aansoekvorms is verkrygbaar van die Sekretaris van Volksgesondheid, Posbus 386, Pretoria, en aansoeke moet hierdie kantoor nie later as 24 Desember 1942 bereik nie.

Oorspronklike sertifikate en getuigskrifte moet vereers nie ingedien word nie. 27-4-11

✱ VAKATURES (TWEE) VIR MEDIESE BEAMPTE (KONTRAK).

1. Aansoeke word ingewag van geskikte kandidate vir aanstelling in bogenoemde betrekkings in die Rietfonteininrigting vir Tuberkulose, Departement van Volksgesondheid.

2. Kandidate moet registreerbare mediese kwalifikasies besit, Britse onderdane en tweetalig wees en moet minstens drie jaar in die Unie of die Mandaatgebied Suidwes-Afrika gewoon het. Volle besonderhede van enige ondervinding opgedoen in verband met die behandeling van tering moet aangedui word.

3. Die aanstellings sal vir die duur van die oorlog wees, onderworpe egter aan beëindiging met kennisgewing van drie maande van een van beide partye.

4. Die salaris aan die poste verbonde is £500 per jaar plus vrye inwoning en 'n dienstoelae van £120 per jaar.

5. Die suksesvolle kandidate sal bevredigende geboorte- en gesondheidsertifikate moet voorlê en 'n ooreenkoms met die departement moet sluit.

6. Aansoek moet gedoen word op die voorgeskrewe vorm (Z. 83) wat verkrygbaar is van die Sekretaris van Volksgesondheid, Posbus 386, Pretoria, aan wie alle ingevulde vorms gerig moet word.

7. Oorspronklike sertifikate en getuigskrifte moet vereers nie voorgelê word nie.

8. Aansoeke sal ontvang word tot en met 15 Desember 1942. Staf 6/23. 27-4-11

✱ VAKATURES VIR (*a*) TYDELIKE ASSISTENT-DISTRIKSGENEESHEER, JOHANNESBURG; (*b*) TYDELIKE ASSISTENT-DISTRIKSGENEESHEER, PRETORIA, EN (*c*) TYDELIKE DISTRIKSGENEESHEER, NIGEL.

Aansoeke word ingewag van geskikte kandidate vir aanstelling in bogenoemde betrekkings in die Departement van Volksgesondheid.

Candidates must hold registrable medical qualifications, be British subjects, bilingual and have resided in the Union or the Mandated Territory of South West Africa for a period of at least three years.

The appointments will be for the duration of the war, subject, however, to termination on one month's notice being given by either side. The salary attaching to the appointments will be as follows:—

Pretoria and Nigel: £700 per annum.

Johannesburg: £750 per annum.

The successful candidates will be precluded from carrying on private practices They will be required to submit satisfactory certificates of birth and health and to enter into contracts with the Department.

Application must be made on the prescribed form (Z. 83), which is obtainable from the Secretary for Public Health, P.O. Box 386, Pretoria, to whom all completed forms must be addressed. Candidates desiring to be considered for more than one post should submit separate application forms for the respective posts.

Original certificates and testimonials should not be submitted in the first instance

Applications will be received up to and including the 15th December, 1942.

✻ UNION EDUCATION DEPARTMENT.

Applications are invited from suitably qualified candidates for appointment as Instructor in Blacksmithing (Workshop Theory and Practice) at the Trades School, Jacobsdal, under the control of the Union Education Department.

The salary applicable is £270 per annum according to the scale £270×£15—£450×£15—£540, but a commencing salary in excess of the minimum notch of the scale will be considered if the qualifications and experience of the successful candidate warrant this. Applicants should therefore state in their applications the minimum salary at which they are prepared to accept appointment.

Only persons who have served a regular and satisfactory apprenticeship and who have had at least three years' experience as journeymen in their trade need apply.

The successful applicant will be required to obtain the National Trade Instructors' Certificate before proceeding beyond the barrier (£450 p.a. notch) of the salary scale.

Appointment will be on twelve months' probation and subject to the production of satisfactory certificates of birth and health.

Candidates must state the earliest date on which they will be able to assume duty.

Applications must be submitted on the prescribed form (U.E. 43) and must contain full particulars in regard to training, qualifications, experience, etc. Application forms are obtainable from the Secretary, Union Education Department, New Standard Bank Buildings, Pretoria, and the completed forms must reach the Secretary not later than the 31st December, 1942.

Only certified copies of certificates and testimonials should be submitted in the first instance.

UNION EDUCATION DEPARTMENT.

✻ LANGUAGE TESTS FOR PUBLIC SERVANTS.

Public servants (male and female) who desire to produce evidence of ability to use both official languages will be allowed to enter for the tests in English and/or Afrikaans to be held in conjunction with the Public Service Examinations (A) and (B) on the 8th and 9th February, 1943.

No syllabus is prescribed and no books are prescribed or recommended for study in connection with the tests. No information regarding the scope and standard of the tests can be given. It should be noted, however, that the Matriculation or recognised equivalent certificate is required for admission to the Public Service Examination (A), while the Junior Certificate or recognised equivalent certificate is required for admission to the Public Service Examination (B).

Entry forms are obtainable from the Examinations Officer, Union Department of Education, P.O. Box 1035, Pretoria. Entries must be made on the prescribed entry form T.E. 35 (*d*) and must be posted to the Examinations Officer on or before the 21st December, 1942. Forms bearing the Post Office date stamp of after the 21st December, 1942, will not be accepted.

The examination fee payable to the Secretary for Education is 5s. for the test in one language and 10s. for the test in both languages.

The tests will be held at centres where candidates have entered for the Public Service Examinations (A) and (B).

Kandidate moet registreerbare mediese kwalifikasies besit, Britse onderdane en tweetalig wees en moet minstens drie jaar in die Unie of die Mandaatgebied Suidwes-Afrika gewoon het.

Die aanstellings is geldig solank die oorlog duur, onderworpe egter aan beëindiging met kennisgewing van een maand deur een van beide partye. Die salarisse aan die betrekkings verbonde sal as volg wees:—

Pretoria en Nigel: £700 per jaar.

Johannesburg: £750 per jaar.

Die suksesvolle kandidate sal nie toegelaat word om private praktyke te hê nie. Hulle sal bevredigende geboorte- en gesondheidsertifikate moet voorlê en ooreenkomste met die departement moet sluit.

Aansoek moet gedoen word op die voorgeskrewe vorm (Z. 83) wat verkrygbaar is van die Sekretaris van Volksgesondheid, Posbus 386, Pretoria, aan wie alle ingevulde vorms gerig moet word. Kandidate wat vir meer as een vakature in aanmerking wil kom, moet afsonderlike aansoekvorms vir die respektiewe poste indien.

Oorspronklike sertifikate en getuigskrifte moet vereers nie voorgelê word nie.

Aansoeke sal ontvang word tot en met 15 Desember 1942. 27-4-11

✻ UNIE-ONDERWYSDEPARTEMENT.

Aansoeke word ingewag van behoorlik gekwalifiseerde kandidate vir aanstelling as Instrukteur in Smidswerk (Werkwinkel-teorie en -praktyk) aan die Ambagskool, Jacobsdal, onder die beheer van die Unie-Onderwysdepartement.

